PUKKE!
vir al u kleubaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612
Potchefstroom
Tak: Tomstraat 90c.

# die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.          In U lig sien ons die lig

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII          WOENSDAG 9 OKTOBER 1968          Nr. 20.

Lees Binne:

Studenteprotes regverdig ...... bls 2
'n Nuwe tydvak ...... bls. 6
Is 'n nuwe vlag nou nodig ...... bls. 8

## Vakansiewerk

'n Bekende sakeman van Germiston, mnr. T. Pretorius, bied vakansiewerk aan P.U.-studente aan.

Hy het studente van verskeie koshuise toegespreek en gesê dat hardwerkende studente tot R800 in die Desember-vakansie kan verdien.

Belangstellendes kan skryf aan mnr. Pretorius, Kerkstraat 2, Sunnyridge, Germiston.

## HOE LANK NOG?

So lyk dit wanneer die studente klas toe stap. Hoe lank sal dit nog so aangaan?
— foto: Fotokuns.



# Administratiewe warboel vertraag brugbou

**'n Administratiewe warboel, die probleem van die verkryging van grond van die Onderwyserskollege by die Provinsiale Administrasie en 'n gebrek aan fondse van die Stadsraad — dit alles is faktore wat die bou van 'n spoorwegoorgang by Meyerstraat ernstig vertraag.**

Uit enkele statistieke van die Stasiemeester verkry, blyk dit dat die twee spoorlyne daagliks 'n verkeer van 70 treine en soms meer dra. Treine kruis mekaar dikwels by die oorgang. In die afgelope paar jaar het daar reeds verskeie ongelukke by die oorgang plaasgevind en verskeie lewens is geëis. Die spoor word daagliks minstens 5,000 keer gekruis en kruising word bemoeilik deurdat die uitsig deur Cachet-stasie versper word. Die stasiemeester het sy besorgdheid uitgespreek oor studente wat die spoor op 'n ander wyse as by die bestaande oorgang kruis.

Mnr. Louis le Grange, L.V. vir Potchefstroom, het in 'n onderhoud die volgende inligting verstrek: die Sentrale Regering het 'n spesiale komitee vir die uitskakeling van padoorgange wat ressorteer onder die Departement van Vervoer. In die verlede is 'n half-miljoen Rand per jaar bestee aan die uitskakeling van padoorgange. Die munisipaliteit van 'n dorp soos Potchefstroom moet 12½% van die koste dra, terwyl die komitee vir die res verantwoordelik is.

### GOEDGEKEUR

Die komitee het reeds in Julie vanjaar die uitskakeling van die Meyerstraat-oorgang in beginsel goedgekeur. Daar moet nou slegs met die Stadsraad 'n formele ooreenkoms gesluit word en die kosteverhouding bepaal word. Die bou van 'n brug is op die werkprogram van 1969—1970. Daar kan dus reeds aanstaande jaar met die bouwerk begin word.

Die Stadsklerk, mnr. Olivier, het egter die probleme van die Stadsraad om die grond wat vir die bou van 'n oorgang nodig sal wees, te bekom gestel. Volgens mnr. Olivier is dit nodig om 'n gedeelte van die grond van die P.O.K. van die Provinsiale Administrasie te verkry. Dit is nodig om die koste van die oorgang laag te hou omdat daar ook ander oorgange is wat uitgeskakel moet word. Die verkryging van grond by die Onderwyserskollege sloer as gevolg van administratiewe probleme en briefwisseling. Die departement van vervoer is by magte om grond te onteien maar die Stadsraad moet die toestemming van die Administrateur verkry. 'n Ander probleem van die Stadsraad is om die nodige fondse te kry om hulle deel tot die koste vir die bou van 'n oorgang by te dra. Die Stadsraad het baie ander finansiële verpligtinge, maar staan nog by sy besluit om alle oorgange uit te skakel en wag net om voldoende fondse te bekom.

Mnr. Callie Coetzee, voorsitter van die Studenteraad, het in 'n onderhoud gesê dit is snaaks dat daar nie baie meer ongelukke plaasvind nie, as in aanmerking geneem word hoeveel studente van die oorgang gebruik maak. Uit studente-oogpunt is dit wenslik en noodsaaklik dat 'n brug so gou moontlik gebou word. Hy wil die vertroue uitspreek dat die instansies wat by die saak gemoeid is die erns van die saak sal besef en dat daar so gou moontlik werk mee gemaak sal word .

## Safaripakke asseblief?

Die delikate punt van kleredrag het op die monstervergadering wat verlede Woensdag gehou is, 'n lewendige, dog gemoedelike bespreking uitgelok. Die hitte van die Wes-Transvaal is onder die aandag van die Studenteraad gebring.

Die feit dat 'n langbroek, das en baadjie nie tipies Suid-Afrikaans is nie, maar eerder Engels, is ook geopper.

'n Mosie dat die owerheid versoek word om safaripakke as kleredrag toe te laat, is eenparig aanvaar.

## Daar het jy dit




## Geklasifiseerde advertensies

Die Advertensieburo wil dit graag onder die aandag van Die Wapadlesers bring dat geklassifiseerde advertensies aanvaar word vir plasing.

As daar iemand is wat bv. boeke het om te verkoop, of op soek is na iets om te koop of te ruil, kan hulle in Die Wapad adverteer.

Die tarief is soos volg: 25c vir die eerste tien woorde of minder en daarna 2c per woord. Betaling geskied kontant by indiening van die advertensie

Advertensies moet in drukskrif of getik in bussie 7 (die van die Advertensieburo) tesame met die geld geplaas word, vergesel van 'n aparte vel papier met die naam en adres van die adverteerder.

## ELF BOME IN 'N RY ... GEKOM OM TE BLY ...

Het u al ooit elf doringbome teëgekom, eweredig gespasieer in 'n ry, sonder dat dit met voorbedagte rade daar geplant is?

In 'n onderhoud met prof. A. P Goossens, oud-hoogleraar in plantkunde aan die universiteit, het hy so 'n verskynsel op die kampus uitgewys

Prof. Goossens vertel dat die oorspronklike plantkunde-gebou (1923—1941) 'n sinkgebou was in die omgewing van die huidige Studenteraadskantoor. Dit was 'n lang, enkelverdieping barak-konstruksie wat min of meer in 'n oos-wes rigting gestaan het.

Die oostelike kant van die gebou was direk langs die kareebome waar die kennisgewingborde nou staan. Hiervandaan het die gebou in 'n westelike rigting gestrek.

Op die westelike hoek het 'n ou doringboom gestaan. So het dit dan gebeur dat wanneer die doringboom saad gevorm het, dit in die geute van die plantkunde-gebou, wat vlakby gestaan het, geval het en deur die reënwater weggevoer is

Die voortjie waarin die reënwater weggevoer is, het in 'n suidelike rigting — die rigting van die Hoofgebou geloop.

Prof. Goossens vertel dat hy een oggend in 1933 die rytjie klein doringboompies opgemerk het. Soos die sade deur die water afgevoer is, het dit in 'n amper-ry opgekom — van die hoek van die huidige Studenteraadskantoor tot by die voordeur van die Totiussaal.

Prof. Goossens sê dat hy dadelik sy jong opdrag gegee het om 'n lyn langs die boompies te span. Al die boompies wat aan die lyn geraak het, is behou terwyl die ander verwyder is. Later het prof Goossens self die oorblywende boompies gespasieer, totdat elf oorgebly het — die elf wat vandag uitgegroei en netjies in 'n ry daar staan. Hulle het wel toevallig gekom, maar gekom om te bly.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
DULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

# Voor in die Wapad brand 'n lig . . .

# STUDENTEPROTES?

*SOMMIGE STUDENTE het 'n mening. Ander het nie 'n mening nie, maar wil dit lug. Hierdie is die eerste aflewering van 'n gereelde meningsrubriek — studentemening.*

*Meninghebbendes is gewoonlik die leiers. Diegene wat 'n gesonde siening het, wend hul opinis aan tot vrug vir hul samelewing vol meningloses. Andere gebruik die leë siele wat hul meningloosheid wil lug, om by wyse van geweld, staking, optog of plakaatswaaiery hul eie menings tasbaar uit te druk. In die buiteland het dit ontsettende afmetings afgeneem — plaaslik he dit begin kop uitsteek. Ons moet ons besin oor die reg van studente om te protesteer en oor die wyse waarop dit gedoen moet word as dit geregverdig is.*

## Geen ondermyning

Aan die student word baie vryhede geoorloof en word baie studente-aksies bloot as studentepret beskou, waaroor die publiek heerlik kan lag. Kom dit egter by landsake wat op ondermyning neerkom, is dit 'n perd van 'n ander kleur. Hier moet die student baie versigtig



STEFAN GROENEWALD

optree, veral teenoor die regering van die dag. Daar moet onthou word dat ons universiteite grotendeels deur subsidies van die sentrale regering aan die gang gehou word.

'n Student gaan na die universiteit om te studeer en hom derhalwe vir die latere lewe te bekwaam Dit is dus sy plig om sy studies eerste te stel en hom te weerhou van alles wat moontlik daarmee kan bots. Hy is geregtig om aan 'n politieke party te behoort, maar dan word daar van hom verwag dat hy, veral wat landsake betref, hom te alle tye waardig sal gedra.

Om 'n betoging oor landsake te hou, strek die student en sy universiteit nie tot eer nie. Hy kan eerder sy invloed by die stembus laat geld, of miskien selfs die politieke arena betree.

Om die unieke posisie wat 'n student beklee nie in diskrediet te bring nie, behoort enige voornemende betoger homself dus deeglik te besin, sodat hy nie sonder meer deur die stroom meegesleur word nie.

## Regte kanale

Hierdie onderwerp dek 'n baie wye studieveld en kan nie meteens afgemaak word nie. Hier volg egter net 'n paar gedagtes in die verband.

Op die vraag of studente 'n reg het tot protes, kan onomstootlik „ja" geantwoord word, maar nie sonder voorbehoud nie. Eerstens moet die woord protes in sy korrekte verband verstaan word. Hiermee word geensins bedoel rewolusionêre optrede gepaard met anargie nie, maar verset op reformatoriese wyse, met ander woorde deur gebruikmaking van die kanale wat daar gestel is vir onder meer hierdie doel. Daar die woord protes nou in die korrekte perspektief geplaas is, kan verder gegaan word en konstateer word dat dit nie slegs elkeen se demokratiese reg is om te kan protesteer nie, maar selfs sy demokratiese plig.

Daar is onlangs in Suid-Afrika „betogings" gehou aan sekere Engelstalige universiteite teen wat hulle beskou as inbreukmaking op akademiese vryheid en veral skending van die outonomiteit van die universiteit — „defending the principles of academic freedom and university outonomy."

### METODES

Wat die metode van hul protesvoering betref, kan „sit-ins" en protesoptogte langs die strate beswaarlik as die beste metode beskou word. En verder is die weiering tot aanstelling van 'n Bantoedosent op 'n blanke universiteit deur die staat geen regverdigingsgrond vir studente om, soos hulle dit noem, 'n „lawful protest" te hou nie. Die staat het die reg om wanneer daar in stryd met sy beleid opgetree word (en hy deur wetgewing gemagtig word) in te gryp. Dit op sigself is geen skending van die universiteit as outonome liggaam nie. Hoewel die universiteit op sy terrein outonoom is in 'n sekere sin, is die universiteit nie absoluut soewerein nie, en vanweë sy vervlegtheid met ander samelewingsverbande in die sosiale struktuur bv. kerk, skool en staat, kan die universiteit wel berispe word as hy terreinoorskryding pleeg op 'n gebied van 'n ander samelewingskring. Selfs al word die universiteit se outonomiteit binne eie kring geskend., is die student in sy hoedanigheid as opvoedeling aan die universiteit streng gesproke glad nie geregtig om daaroor te protesteer nie, want so 'n geval val binne die terrein van die universiteitsowerhede. Die student in sy hoedanigheid as onderrigontvangende kan slegs sy regte in hierdie verband opeis en laat afdwing, sonder om anargisties te wees in sy optrede.



JOHAN KRUGER

Wanneer studente dus wil protesteer (in die sin van die woord soos hierbo gestel) het hul, soos enige ander burger in 'n demokratiese land die reg daartoe, mits so 'n protes (i) langs die regte kanale geskied; (ii) nie met anargie gepaard gaan nie; (iii) nie rewolusionêr nie maar reformatories van aard is, en (iv) dit die enigste oorblywende metode is om te volg aangesien alle pogings tot onderhandelings, ens. nie vrugte afgewerp het nie. So 'n verset moet natuurlik binne die terrein van die student as opvoedeling aan die universiteit val.

Gesien in die lig van die Calvinistiese gesagsbeginsel, is dit moeilik om te glo dat die Afrikaanse student hom ooit aan protesvoering op skandelike wyse sal skuldig maak.

## Jy mag protesteer

Oor die hoof van hierdie stelling hang 'n groot vraagteken, 'n vraagteken wat toegeskryf kan word aan die verkeerde konotasie wat aan die woord „protes" geheg word. Om te sê dat ek die reg het om te protesteer, is 'n stelling wat geensins in die lug hang nie. 'n Agtergrondskildering is nodig om die saak in die regte perspektief te sien.

### 'N PAAR FLITSE

* Daar bestaan 'n getal samelewingskringe naas mekaar, elkeen met 'n eie struktuur, roeping en soewerein in eie kring (kerk, skool, staat, universiteit).
* Binne elke kring moet orde heers en daarom is 'n gesagsverhouding inherent (gesagdraer en onderaan).
* Die grond van hierdie gesag lê in die amp wat deur God daar gestel is. Eerbiediging van die gesag is dus 'n eerbiediging van God en nie die mens nie (geen volkswil of diktatorskap nie).
* Die gesag van 'n samelewingskring is beperk tot daardie kring (Staatsgesag tot staatsake).

Nou kan verder oor die reg tot protes besin word. Protes is 'n skriftelike of mondelinge versit teen iets. Ons kan dus protes verwag wanneer die gesagdraers van 'n sekere kring of verband sy terrein oortree en wanneer die reg van 'n persoon geskaad word. Ek kan ook protesteer as iets waarop ek aanspraak maak, my ontneem word. Ek protesteer wanneer gesagsmisbruiking plaasvind omdat ek in die eerste plek aan God gehoorsaam moet en wil wees.

My reg tot protes laat my nie 'n bandelose vryheid nie maar hierdie reg as dit reg gebruik word, moet uiters verantwoordelik gebruik word. Dit geskied deurdat ek reformatories protesteer; protesteer op so 'n wyse dat met die meeste ordelikheid en gemagtigdheid, ek my doel bereik en ek gesag wat deur God daar gestel is, bly erken.

Daarom begin ek met persoonlike beïnvloeding en oortuiging om sodoende 'n kompromie te bereik waar albei partye hul reg behou.

### EERLIK

Ek moet eerlik wees in my protes. Daarom moet dit gaan oor dinge waarop ek geregtig is en met geen bybedoelings wat ek versluier hou nie. Die werknemer mag nie protesteer met die doel om beheer oor te neem



JOHAN VAN DER WALT

of dat hy 'n hoër loon eis terwyl dit in werklikheid gaan om politieke redes nie.

Waar tot geen ooreenkoms gekom kan word nie, volg lydelike en daarna aktiewe verset, maar dan alleen omdat gehoorsaamheid aan God hoër gestel word as aan die menslike ingesteldheid.

Dit is so dat sekere sake wat as middelmatige sake beskou word, sy probleme oplewer inhoeverre sodanige protes gevoer kan word byvoorbeeld 'n studentegemeenskap wat protesteer teen swak geriewe 'n Vaste formule vir protes bestaan daar sekerlik nie maar deur ORDE, VERANTWOORDELIKHEID en die ERKENNING van gesag in die oog te hou kan elke saak op meriete gevoer word. 'n Studentegemeenskap wat 'n Sorbonne-metode volg en daardeur 'n stad lam lê, het te ver gegaan en daardeur ook persone buite die studente-aangeleentheid geskaad.

## Dit moet die kol tref

Op 'n ietwat Amerikanistiese trant . . . „does it work?" Na die opslae wat studente-protes reeds hier te lande gemaak het, sou ek dink dat die geskiedenis reeds die vraag beantwoord het.

Protes is by uitstek vandag se doeltreffendste wapen, dit is dinamies, dit maak inslag en tref altyd min of meer die kol.

Protes is in een asem 'n skreiende ontkenning van hedendaagse demokrasie, en 'n nuwe vertakking daarvan, oftewel 'n uitbreiding op die begrip.

Protes is ontkenning, in die sin dat die banierdraer nie meer langer kan glo in die gelyke reg om te stem nie. Stemreg werk vertragend in op die „nuwe student" se drang om kitsresultate te ervaar. Gelukkig of ongelukkig het protes hierdie voorsprong van snelheid.

Protes is vir die deursnee betoger 'n nuwe rigting in die demokrasie, by protes is beweging, beweging is waarna gevra word, of om die meer populêre omskrywing te gebruik, „aksie."

### KANALE VERSTOP

Die hedendaagse Suid-Afrikaanse student het reg op bepaalde protes, al is dit dan in 'n mindere mate as die „reg" van sy vriende oorsee. Van die kanale tussen student en owerheid en van die tussen student en die wêreld daarbuite, het reeds lankal in 'n groot mate verstop geraak. Die tyd stel dekade na dekade sy eise, daar moet tred gehou word met hierdie eise, tred gehou word met nuwe tendense. Na dit alles gaan dit steeds om die bereiking van 'n doel, die tref van die kol. Die nuwe platform is voor die sodanige handliggend . . .

protes. Waar daar nog kanale bestaan, bly die vraag of sodanige kanale aangepas is vir huidige omstandighede. Is daar rekening gehou met die versnelde pas? Daar heers by my 'n groot mate van vertwyfeling oor die bestaan van sodanige kanale en indien hulle wel bestaan, die moontlikheid van aanpassing daarvan.

lewe.

Daar moet onderskei word tussen protes en protes. Protes met positiewe riglyne is geregverdig. Daar moet gelet word op die motief van die protes, die doel waarna gestreef word, die effektiwiteit van die protes in die gegewe omstandighede (protes is seer sekerlik nie die enigste metode nie en ook nie universeel die doeltreffendste nie). Wat verder van belang is, is die mate van geordenheid wat onder die groep heers en die mate



JAN GROENEWALD

van dissipline wat gehandhaaf word in die gang van die protes. Dit kan nie ontken word dat protes onder gegewe omstandighede onder studente met edele motiewe en 'n positiewe grondslag geregverdig is nie Dit kan ook nie ontken word dat so 'n sameloop van omstandighede wel kan bestaan nie. Blote fiksie is dit weliswaar nie. Wanneer die elemente van studente-protes dan so uiteen val, kan dit geval tot geval verantwoord word; dan kan met 'n proses van eliminasie uitgewys word watter geregverdig is en watter nie. Dan sal sommige die kol tref en ander nie.

Buitendien lê daar in studenteprotes reeds 'n groot mate van noodwendigheid opgesluit . . . of is ek 'n haastige van gees in die geledere van jeugdige voortvarendes?

# UIT DIE WOORD . . .
## Vryheid

Gal. 5 : 1— *Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie.*

VRYHEID — die kreet van vandag, 'n kreet van 'n mensdom vasgevang in die slawebande van eiegeregtigheid en diepgewortelde sondelus — is die hoeksteen van die Christelike lewenswandel. 'n Christen is n vrye mens, vrygemaak van die sondebande deur Jesus Christus.

● Daar is maar één vryheid — die vryheid deur Christus. Buite Christus om is slegs die bande van goddeloosheid.

● Jy word **vrygemaak.** Vryheid is nie iets wat jy uit eie wil en werk kan bereik nie.

● Die vryheid wat ons het in Christus is geen ideaal wat tot verwesenliking roep nie. Dit is ons beginpunt, ons vertrekpunt.

● Die groot stryd is om daarin vas te staan, om altyd in die geloof vas te hou aan die genade deur Christus, vas te hou aan sy bevrydende Woord dat ons vrygemaak is van die juk van diensbaarheid aan die eerste beginsels van hierdie wêreld.

● Om vandag vas te staan in die Christelike vryheid, beteken dat ons ons nie sal prysgee aan die vryheidsgedagte wat uit die mens gebore is nie — uit die mens gebore want dit gaan om die mens. Om in ons vryheid vas te staan beteken om slegs van Christus die vryheid te verwag. Vandag se mens is verslaaf aan die bedwelmende vryheidskreet van 'n mensvergoding.

Vryheid — gehoorsaamheid — slaafsheid. Rondom hierdie drie begrippe wentel 'n wanhopige beskawing. En tog — die Woord is duidelik. Jy is vry in Christus tot gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid is geen slawernyé juk van diensbaarheid, nie, want slawerny ken geen vryheid nie! Ons is nie gehoorsaam om vry te wees nie, maar, vrygemaak deur Christus, is jy vrygemaak van die bande van die sonde en die eerste beginsels van hierdie wêreld, sodat jy waaragtig gehoorsaam kan wees — nie 'n gedwonge gehoorsaamheid nie, maar as iets van jou Christelike roeping met die vryheid as grondslag.

# ORIËNTERING KRY DEEGLIKE AANDAG VAN S.R.

**Eerstejaars sal Puk-liedjies leer, kenmekaaraande word in ere herstel en oriëntering sal hoofsaaklik in die koshuise plaasvind, het mnr. Neels Smit onder meer gesê in 'n inleiding oor die oriënteringsprogram vir 1969 op 'n monstervergadering verlede woensdagaand.**

Hy het beklemtoon dat daar op die gedesentraliseerde beleid van die afgelope twee jaar voortgebou sal word, naamlik dat die oriëntering hoofsaaklik in die koshuise sal plaasvind.

Daar sal beslis gepoog word om die P.U.-liedjies aan die eerstejaars te leer in die afwesigheid van die seniors.

**KENMEKAAR**

Kenmekaar-aande is weer in ere herstel en hy het ook gesê dat hierdie drie riglyne daargestel is ooreenkomstig die voorstelle van die 1968-oriënteringskomitee.

Die program sien so daar uit:

1. Gedurende die twee weke vanaf 5 Februarie sal die Studenteraad, die hoofliggame, die hoofredakteur van publikasies van die Studenteraad en die verskillende kerke geleentheid kry om algemene organisasie en inleidings aan die eerstejaars voor te lê.

2. Vanaf Maandag 17 Februarie tot Vrydag 21 Februarie is onder ander drie kenmekaar-aande, verskeie sing-songs, 'n konsert deur die seniors en 'n vrugtefees gereël. Die klem val egter op die koshuisprogaamme wat oorspronklikheid en insiatief aan die dag moet lê. Die hoogtepunt is Vrydagaand wanneer die hele aand aan die huiskomitees opgedra sal word.

3. Saterdag 22 Februarie word die eerstejaarsontheffingsdinee gehou.



**Prof. G. J. Pienaar, eerste hoogleraar en doktor in persweten- skap in die Republiek. Prof. Pienaar was voorheen aan die redaksies van Die Transvaler en Die Volksblad verbonde voordat hy in 1960 tot die departement perswetenskap toegetree het.**

## Volkspelers byeen

Ongeveer honderd-en-sestig volkspelers vanoor die hele Transvaal woon hierdie week volkspelekursusse in Potchefstroom by.

Die kursusse word deur die Transvaalse komitee vir volksang en volkspele (T.K.V.V.) aangebied in die M.L. Fickskoolsaal en die Volkskoolsaal.



**MNR DU TOIT**

**Coen du Toit, 'n tweedejaar Puk-student en verslaggewer van Die Wapad, wie ernstig beseer is in 'n ongeluk by die treinoorgang by Meyerstraat. Sy toestand het die afgelope week aansienlik verbeter**

**Die ligte Duitse motor waarmee mnr. Du Toit met 'n elektriese eenheid in 'n botsing betrokke was, was 'n verjaardaggeskenk van sy ouers, mnr. en mev. B. du Toit van Vaal Reefs. Hy het op 17 September sy mondigwording gevier.**

**Die trein was op pad na Potchefstroom toe die ongeluk plaasgevind het. Die masjinis het sy noodrem aangeslaan toe hy opmerk dat hy die motor gaan tref Die motor is sowat vierhonderd treë saamgesleep. Mnr. Du Toit het uitgeval.**

**Hy is onmiddellik na die ongeluk in die Potchefstroomse hospitaal opgeneem maar is na 'n verswakking in sy toestand na Klerksdorp oorgeplaas. Na Die Wapad verneem, is hy egter aansienlik beter.**

**Mnr. Du Toit sou aan die einde van die jaar 'n studiereis na Europa onderneem het, maar dit is voorlopig afgestel.**



# DIE S.R.-VOORSITTER AAN DIE WOORD

**MET DIE NUWE TERMYN reeds meer as 'n maand oud, is die werksaamhede van die Studenteraad volstoom aan die gang. Twee vergaderings is reeds gehou, wat albei gekenmerk is deur lewendige bespreking en heldere insig. Die geringe mate van huiwering en onervarenheid by nuwe lede is vinnig besig om plek te maak vir rypheid en begrip t.o.v. Studenteraadsake**

**ORIËNTERING**

**Een van die eerste sake waaraan die nuwe Studenteraad aandag moes gee, was die oriënteringsprogram vir volgende jaar. Dit is reeds gefinaliseer en sonder wysigings deur die owerhede goedgekeur.**

**Die feit dat die eerstejaarstudente volgende jaar 'n week vroeër hul verskyning op die kampus sal maak as wat gewoonlik die geval is, het aan die Studenteraad geleentheid gebied om die program aansienlik uit te brei. Toesprake en inligting aan eerstejaars kan nou afgehandel word in die tyd wanneer die seniorstudente nog nie hier is nie. Na die koms van die seniors is die program dan van so 'n aard dat seniors en eerstejaars saam by al die aksies betrek word.**

**Met die hulp en samewerking van al die studente hoop die Studenteraad om van hierdie oriënteringsprogram 'n groot sukses te maak.**

**TEATER**

**Die bestuur van die plaaslike teater het te kenne gegee dat hulle nie gelukkig voel oor die optrede van sekere studente nie. Die klagte kom daarop neer dat studente goedkoop kaartjies koop, maar dan op die duur sitplekke gaan sit en nie gehoor geen aan oproepe om op die regte plekke te gaan sit nie. Die Studenteraad het genoegsame gronde om te beweer dat dit nie soseer Puk-studente is wat hulle aan hierdie optrede skuldig maak nie. Nogtans het die Studenteraad besluit om aan die bestuur van die teater 'n versoek te rig wat daarop neerkom dat aan studente 'n toegewing gemaak word om gedurende twee middae van die week (bv. Dinsdae en Donderdae) slegs een prys te betaal en dat hulle dan toegelaat word om in 'n bepaalde helfte van die teater op enige sitplek te sit. Wat die reaksie van die bestuur van die teater op hierdie versoek sal wees, kan ons egter nog nie op hierdie stadium sê nie.**

**INTERVARSITY**

**Die omvang wat die jaarlikse Intervarsity tussen ons en U.O.V.S. aanneem, word al hoe groter. Die S.S.B. is besig om die hele opset van die Intervarsity-viering te ondersoek en sal binnekort 'n verslag in hierdie verband aan die Studenteraad van U.O.V.S gevoer word ten einde die hele aangeleentheid gesamentlik te bespreek. Tydens hierdie samesprekings sal ook die skaak van dirigente ter sprake kom, asook die optrede van dirigente en studente tydens intervarsity.**

**Die jaar 1969 wag reeds om die draai. Van die kant van die Raad van die Universiteit is reeds 'n volledige program van feesakies opgestel waaraan alle studente ook vryelik kan deelneem. Van Studenteraadskant word ook reeds deeglik aandag gegee aan hierdie saak. Alles dui daarop dat elke hoofliggaam en elke onderliggaam in 1969 deur puik organisasie en tipiese studente-insiatief gaan sorg vir dinamiese en aktiewe studentelewe. Al wat nog nodig is om van die eeufeesjaar in alle opsigte 'n sukses te maak, is die bydrae van elke individuele student. Die geleenthede sal daar wees om in elke faset van die georganiseerde studentelewe uit te leef. Al wat ons van u vra is om hartlik daaraan deel te neem. Ons weet dit sal so wees.**

**C. F. C. COETZEE**




**NEE, NEE, KOEKEMOER! MOET JOU STUDIES ONDERBREEK NIE!**

Ek verseker jou jy moet vir *geen* oomblik aan geld dink nie. Dis bloot ondergeskik, ou kêrel. 'n Spaarrekening by die Standard sorg vir *alles.* Jy trek rente sonder om van jou boeke af op te kyk. En moenie dink hulle gaan jou skeef aankyk net omdat jou rekening klein is nie. Inteendeel—selfs *ek* was puik ontvang toe ek nog 'n lektor se salaris gekry het. En vandag? So tussen ons gesê, my spaargeldjies lyk danig aantreklik—veral met die oog op my aftrede volgende jaar. En weet jy, my vrou sal nie skroom om aan jou te sê dat ek dit nooit op my eie manier sou kon behartig het nie. Volg my voorbeeld, man. Bank jou geld by die Standard—en pak die belangrike dinge van die lewe met 'n geruste hart aan.

**Op die Standard kan u staatmaak**

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.

**Perkamentpraatjie**

# KOL BESTAAN IN „BROEIKASTE" EN „UITLAATKLEPPE"

Om oor die nuwe blad KOL te skryf, is maklik — en heerlik. Mens kan dit reeds na twee nommers eksklusief noem, veral vanweë gehalte en idee. Dit is die eerste blad in Suid-Afrika wat literêr en non-literêr figureer. En so iets is hier te lande bitter nodig. Om saam met Breytenbach te praat: in 'n „huilende nood" is voorsien.

Wie en wat is KOL? Chris Barnard verskaf die antwoord: „. . . dit wil nie slegs vir skrywers en letterkundiges (dis dikwels twee dinge) 'n broeikas en 'n uitlaatklep wees nie — ook vir musici, argitekte, politici, sosioloë, stokers (nie opstokers nie!), bakkers (nie brouers nie), filosowe, verligtes (en verkramptes), brilmakers en tandartse". Met ander woorde, dit wil aan die een kant die literêre (blykbaar nie pynlik wetenskaplik nie) vooropstel en aan die ander kant alles wat in die moderne wêreld roer en aktueel is, 'n neerslag laat kry in KOL.

„Broeikaste" en „uitlaatkleppe" vind ek gaaf. Waar die verwikkeling is, is daar lewe. En lewe is altyd prima. Veral deur die samestelling van die redaksie, waar mense is, soos; Chris Barnard, P. G du Plessis, Louis Eksteen, John Miles en Bartho Smit, voorspel ek vir KOL nog 'n groot toekoms.

**GESPREKKE**

Maar kom ons kyk vlugtig, flitsend na sekere momente in die twee reeds verskene KOLLE. Die eerste nommer het indrukwekkend begin. Weliswaar met treurige, triest, sterwende jambes. Maar ook: twee warm „gesprekke" tussen vier (of net twee?) omstrede figure: Chris Barnard en Breyten; en André P. Brink vs. Bartho Smit Breyten het soos gewoonlik (of praat ek bietjie vinnig?) heerlik gekierang met die woord en Barnard het, kom ons sê, oulik, gaaf, gepas, verantwoordelik geantwoord. By Brink was dit 'n ander liedjie: simplisties, kategoriese argumente en 'n oorvereenvoudiging van Sestig. Ek het met groot genoegdoening Smit se antwoord daarop gelees. Die vraag duik op: word die talentvolle Brink nie dalk 'n kletser nie? Van wanneer af wil 'n skrywer die probleme van die maatskappy oplos? Sy hedendaagse politieke en sosiale bemoeisiekheid lei vir my na 'n doodloopstraat, 'n gevaarlike impotensie.

Maar die kontroverse bereik 'n interessante hoogtepunt in KOL 2. Dit kulmineer in die antwoord van die onbetwisbare maestro van Sestig, Etienne Le-Roux Rustig, oorwoë, afsydig, verrassend eerlik, vol skielike wending en satire skryf hy aan die twee B's oorkant die water. Hy sê waardevolle en insiggewende dinge. Miskien is die essens van sy brief: „Ek was ( . . . ) onder die indruk dat die skrywer geen antwoord op vrae ten opsigte van sy politieke opvattings, persoonlike lewe, rol in die maatskappy, houding ten opsigte van brandende vraagstukke aan iemand verskuldig is nie".

Adam Small probeer ook 'n stuiwer in die armbeurs werp. Maar dis 'n uiters jammerlike poging En nou praat ek nie van sy swak styl nie. (Skryf wysgere so?) Sy stukkie het maar min rede tot bestaansreg Wat wou hy bring? Of is dit maar net 'n aansluiting by die vorige tours de force? Ek sal 'n toegewing maak: ons neem kennis mnr. Small dat jy ongelukkig is.

Veel waardevoller is twee stukke deur A. J. Coetzee en John Miles waar hulle die geldigheid van 'n onlangse toespraak deur A. P Grove „Tendense in die hedendaagse Afrikaanse poësie" onder die loep neem en veral met sekere uitsprake rakende Breyten afmaak. Die twee stukke verskyn baie, baie tydig. Dit was lankal nodig dat iemand die moed aan die dag sou lê om die „toonaangewende kritikus" (sic!) se uitsprake rakende Breyten die nek in te slaan.

In perspektief: KOL het baie moontlikhede. Miskien kan meer sorgvuldig aandag aan die Grap-rubriek en KOLmentaar gegee word. Satire is nodig. Die lag moet bly. Die grootste waarde van KOL lê vir my, naas die literêre verdienste wat hy het en gaan hê, in die kontroverse — dat die dinge „waaroor ons huiwer" en nie die geleentheid het om te sê nie, nou oop in die son sal staan; dat mens 'n uitkanselleer van sake sal kry wat net tot groter suiwerheid kan lei.

P. H. ROODT.




*Dit is die snit wat tel . . .*

- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Tel. 3411

Kerkstraat 177

POTCHEFSTROOM

**KERSGESKENKE**

*Nee, ek praat nie onsin nie: handel hierdie sakies voor die vakansie af.*

*Mag ek raadgee? Gee iets persoonliks, iets wat karakter het.*

*'n Foto van jouself byvoorbeeld, ek bedoel nou 'n goeie een, 'n foto soos FOTOKUNS hulle maak.*


# KOMPOSISIE



# DRAMAKURSUS VERDER VERDEEL

**„AS GEVOLG VAN die groei van die departement spraakleer en drama, het 'n verdere verdeling van kursusse noodsaaklik geword," het mnr. Teunis Botha, hoof van die departement, aan Die Wapad gesê.**

Van volgende jaar af sal die vak drama en toneelkunde verdeel in dramakunde en toneelkunde. Toneelkunde sal as driejarige kursus aangebied word en studente sal dit net soos in die geval van spraak- en vertolkingskunde as hoofvak kan kies

**TWEEJARIG**

Dramakunde sal 'n tweejarige teoretiese kursus sonder enige praktiese werk wees. Dit sal handel oor die geskiedenis en ontwikkeling van die drama en teater. „Dit sal 'n puik vak wees om saam met 'n taal te neem en sal selfs ook as taalkursus erken word," het mnr. Botha gesê.

Ook spraak- en vertolkingskunde sal as taalkursus erken word. Dit sal nie verpligtend wees om enige byvakke hierby te neem nie. Studente sal voortaan dan agt kursusse in plaas van vyf uit hierdie departement kan volg.

**SKOOLVAK**

„Dramakunde sal waarskynlik ook deur die Onderwysdepartement as skoolvak erken word,"

# Goue plaat vir Alabama ?

**DIE VRYSTELLING van „Revue 68", die eerste langspeelplaat deur Alabama, is 'n groot gebeurtenis vir die Puk. Met sy verskeidenheid liedjies in albei landstale, beloof die plaat om groot byval onder alle ouderdomsgroepe te vind. Die standaard van die musiek is deurgaans hoog en 'n heeltemal professionele indruk word geskep.**

Twee nommers wat veral vermelding verdien, is die kombinasie van die Radetsky-Mars van Johann Strauss en die bekende Oukraalliedjie, 'n geslaagde verwerking deur Johan van Rensburg. Die tweede is Seventy-six Trombones, met 'n skitterende Abri Le Roux in die proloog.

**MAANDELIKS**

Die plaat is opgeneem in die ateljees van Dan Hill in Johannesburg. Mnr. Hill was so verras met die aanbieding dat hy hulle genader het om 'n kontrak met sy platemaatskappy te sluit, om maandeliks 'n langspeelplaat vir hom te vervaardig. Mnr. Johan van Rensburg het egter gesê dat dit nie moontlik sal wees nie.

Die verkope is vanaf die vrystelling reeds baie goed en die aanvraag styg steeds. Moontlik spog Alabama binne 'n paar maande met 'n kwart-miljoen verkope van „Revue 68"

# Sanguitvoering swak bygewoon

**MUSIEKLIEFHEBBERS in Potchefstroom het Saterdagaand die voorreg gehad om te kon luister na die Suid-Afrikaanse dramatiese sopraan, Cecilia Wessels. Hierdie konsert, ter viering van die vyftigste jaar van haar skitterende musikale loopbaan, is in die Konservatoriumsaal aangebied in samewerking met Truk. Sy is begelei deur Pieter de Villiers.**

Die feit dat mej. Wessels alreeds 'n hoë ouderdom bereik het, het geen afbreuk gedoen aan die kwaliteit van haar stem nie. Sy word beskou as wonderkunstenares, want feitlik geen sanger sal op haar ouderdom nog die asem of moed hê om 'n strofe te sing nie, wat nog te sê 'n aria of kunslied!

Mej. Wessels se program het onder meer werke van Wagner, Schumann en Grieg ingesluit.

Die werk „Liefdeswee" van Mornay du Plessis het die meeste aftrek by die gehoor geniet. Die komponis, wat as lugmagloods in die Tweede Wêreldoorlog gesterf het, het die lied aan mej. Wessels opgedra.

**TOEJUIGING**

Die spontane toejuiging van die klein gehoor aan die einde van elke nommer was 'n welverdiende toekenning aan 'n groot Suid-Afrikaanse kunstenares

Die uitvoering is egter swak bygewoon. In 'n onderhoud met Die Wapad het mej. Wessels ook melding gemaak van die leë saal. Sy het tereg gesê „As ek 'n kunstenares van Wenen was, sou die saal oorgeloop het".


**INSLEEP!**

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

*KOM BESOEK:*

**MIAMI RESTAURANT**

Kerkstraat 213, Johan Dreyer-gebou.

# FARMASEUTIKA BEREIK KRUISPAD, SE PROF.

**IN MENIGE LAND het farmaseutika by kruispaaie gekom, het prof. A. H. Beckett, hoof van die Aptekersskool van die Universiteit van Londen op 27 September gesê tydens sy besoek aan die P.U. Die situasie is bereik omdat die farmaseut oor 'n lang tydperk nie wetenskaplike bydraes tot sy vak gemaak het nie.**

Die farmaseut moet besef dat hy sy reg om 'n wetenskaplike bydrae tot sy werk te maak, moet verdien en 'n hoofrol moet speel by aangeleenthede waarby hy gemoeid is.

In enige professie moet die beskerming van die publiek prioriteit geniet. Talle voorbeelde van misbruike van stowwe wat bedwelming veroorsaak of wat die liggaam aktiveer tydens sportkompetisies, kom voor. In sommige gevalle is gevind dat daar meer pethidine in die liggaam van 'n pasgeborene is as in die van die moeder self.

**SLEUTELROL**

Die farmaseut vervul 'n sleutelrol in die beskerming van die publiek deur die bereiding van sy produkte. Daar moet ook 'n goeie verhouding wees tussen die farmaseut en die medikus. Dit kan ook verkry word deur navorsing sodat die farmaseut met gesag kan praat wanneer hy die medikus adviseer.

Hiersonder kan die farmaseut nie onderhandel nie, en dit lei tot 'n nuwe tydvak van onderlinge samewerking.

Prof. Beckett het beweer dat as die farmaseutiese professie deur die handel gedomineer word, dit nie meer 'n professie is nie

## NAVORSING OOR AUGUSTINUS

POTCHEFSTROOM — Drs. N. T. van der Merwe van die departement Wysbegeerte vertrek in Maart aanstaande jaar na die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hy wil sy navorsing oor Augustinus onder prof. S U. Zuidema gaan voortsit.

Drs. van der Merwe moes in 1964 sy studies weens finansiële redes onderbreek en hy was sedertdien dosent aan die departement Wysbegeerte aan die P.U. vir C.H.O Hy het nou ook 'n beurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing verower. Hierdie beurs wod aan 'n na-magisters-graadstudent toegeken.

Hy sal aan die sentrale interfakulteit van die Vrije Universiteit studeer. Dit is 'n ontwikkeling wat die afgelope drie jaar aan Nederlandse universiteite posgevat het waar dosente in wysbegeerte met vakwetenskaplikes van ander terreine op wysgerige grondslag saamwerk

# Om te blok of nie te blok nie -- dit is die vraag

„Blokmetodes? Hoe bedoel jy nou . . . blokmetodes?" het hulle my vraend aangekyk toe ek probeer uitvind het hoe die Pukke hulle voorberei vir die eindeksamen.

Stadigaan het die antwoorde egter gekom:

„Ons swem, gaan fliek of . . lê sommer net in die son en bruinbrand". En, so as 'n nagedagte: „'n mens behoort natuurlik vir jou 'n program op te stel, anders kom jy nie jou werk deur nie . . "

**VROEG OPSTAAN**

Daar was darem ook 'n ander seksie van die studente wat baie beslis was oor die beste benutting van die bloktyd. Dit help niks om tot laat in die nag te studeer nie; 'n mens moet eerder vroeg opstaan, pouses maak vir tee- en etenstye en nie later as tien-uur in die aand gaan slaap nie, sê hulle.

Ander het weer vertel van die spanning van hierdie tyd — bloktyd. Die dames wil mekaar se oë net uitkrap en die mans huiwer nie om in 'n goeie stoeigeveg gewikkel te raak nie — net om van daardie vies gevoel ontslae te raak Daar is ook ander metodes, sê hulle: skree 'n slag goed en hard as die trein verbykom en studeer daarna weer in doodse stilte voort; storm by 'n ander kamer in en begin sommer 'n argument of 'n stoeigeveg of . . 'n klaaglied; vat jou goedjies en gaan Dam toe om daar te (probeer) studeer.

**UITWYK**

Dan was daar ander wat geen doekies omgedraai het oor die saak nie: „Ons sorg net dat ons baie weg is. Ons wyk 'n week of so Durban toe uit, of na die Drakensberge toe. Of, 'n mens kan natuurlik ook huis toe gaan waar Ma jou pamperlang. Maar op Potchefstroom bly? Nee, hier is dit tog te stil en dooierig — almal sit net met hulle neuse in die boeke".

Ek het ook gehoor van die studente wat in die biblioteek loseer en in die koshuise eet en slaap. By die tafels en tussen die rakke kry jy hulle. Geen woord nie. Stilte. Hier gaan dit net om een ding. Akademie Haai nouja, ek moet seker ook haas begin studeer . . .

# POTE-REKTOR LEWER INTREEREDE

Prof. G. J. du Toit, ereprofessor van die fakulteit opvoedkunde, het op 4 Oktober sy inougurele rede in die Konservatoriumsaal gelewer

Hy het gepraat oor onderwyseropleiding.

Prof. du Toit is die rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

# PUKKE GAAN OORSEE

**TWEE LEKTORE van die departement wiskunde aan die P.U., mnre. T. de W. (Theo) Jooste en J. J. (Koos) Grobler, vertrek oorsee vir dokorale studie.**

Nie een van die twee aspirantdoktore is onbekendes in die studentegemeenskap nie. Theo Jooste was lank bedrywig in die P.U.-Volkspelelaer terwyl Koos Grobler 'n aktiewe aandeel gehad het in die Alabama-studentegeselskap.

**LONDEN TOE**

Theo, seun van prof. J. P Jooste van die Teologiese Skool en mev. Jooste, het reeds op 25 September per boot na Engeland vertrek, waar hy aan die Bedford-kollege van die Universiteit van Londen twee jaar lank sal studeer. Sy spesialiteitsrigting is algebra en sy promoter prof. P. M. Cohn, bekende algebraïkus. Hy is vergesel van sy vrou, Ena. Ena (gebore Coetzee) het aan die einde van 1967 die graad Honns. B.A. (Afrikaans-Nederlands) aan die Universiteit behaal. Sy was 'n inwoner van Ons Huis en Oosterhof.

Theo het in 1960 aan die Hoërskool Gimnasium, Potchefstroom, gematrikuleer met ses onderskeidings. Hy behaal aan die einde van 1963 die B Sc.-graad met onderskeiding in fisika. 'n Jaar later behaal hy die graad Honns. B.Sc. (wiskunde) met onderskeiding, en aan die einde van 1966 sy Meestersgraad in wiskunde met onderskeiding

**KOOS GROBLER**

Koos is die seun van mnr. en mev. F. J. Grobler van Carletonville. Hy het aan die einde van 1961 aan die Hoërskool Carletonville gematrikuleer met sewe onderskeidings. Nadat hy in 1962 sy militêre opleiding voltooi het, skryf hy aan die begin van 1963 in aan die P.U en behaal die B.Sc.-graad aan die einde van 1965 met onderskeidings in fisika, toegepaste wiskunde en wiskunde. Aan die einde van 1966 behaal hy die graad Honns. B Sc. (wiskunde) met onderskeiding en aan die einde van 1967 die graad M.Sc. (wiskunde) met onderskeiding. Hy is getroud met Daleen Basson, wat aan die einde van 1967 die Universiteitsdiploma in Musiek behaal het. Daleen was ook primaria van Oosterhof gedurende 1967.

Die egpaar, wat kort gelede ouers geword het van 'n babaseuntjie, vertrek op 16 Oktober na Leiden, Nederland. Koos sal ongeveer twee jaar lank aan die Universiteit van Leiden studeer en spesialiseer in funksionaal-analise. Sy promotor is prof. dr. A. C. Zaanen.

## JONGMENSE IN POTCH. BESTUDEER

Die departement sosiologie is tans besig met 'n opname om vas te stel in watter mate die werkende jongmense van Potchefstroom by die verskillende jeugorganisies inskakel. Die organisasies sluit byvoorbeeld vryetydsbesteding en sport in.

Die departement wil ook probeer vasstel watter moontlikheid daar vir koördinering tussen die verskillende jeugorganisasies bestaan, en die opname is gebore uit die belangstelling in die werkende jongmense in Potchefstroom.

**FASILITEITE**

Die opname ondersoek ook in watter omstandighede die jongmense woon en of hulle enige belangstelling toon in die oprigting van 'n Jeugsentrum wat voorsiening sal maak vir vryetydsfasiliteite

'n Woordvoerder het berig dat die resultate nog nie beskikbaar is nie maar dat dit later vanjaar in brosjurevorm beskikbaar sal wees. Hy het ook beklemtoon dat die inwoners baie gewillig is om die vraelys in te vul .

Die departement stel baie belang in die doen en late van die jeug en voel ook dat Potchefstroom nie soveel geleentheid bied vir produktiewe tydsbesteding soos wat werklik in sy vermoë is nie. Daar moet ook koördinisasie wees tussen alle jeug- en sportorganisasies.

# . . . EN PUKKE KOM TERUG

**TWEE PUKKE het ook onlangs, na jarelange studie in die buiteland met hul doktorsgrade teruggekeer. Hulle is dr. C. J. Reinecke en dr. W. J. van Aardt.**

Dr. en mev. Reinecke (mev. Drienie Reinecke is ook 'n oudstudent van die Universiteit) het in Januarie 1966 na Leiden, Nederland vertrek waar dr. Reinecke onder prof dr. L. Bosch in biochemie studeer het. Die egpaar het aan die einde van Augustus weer na Potchefstroom teruggekeer, waar dr. Reinecke nou verbonde is aan die departement fisiologie van die Universiteit. Hy is die seun van mnr. C. J. Reinecke, adjunk-direkteur van die departement Ontwikkeling, en mev. Reinecke

**DIERKUNDE**

Dr. Van Aardt, senior lektor in dierkunde aan die P.U., het sy doktorsgraad aan die Vrije Universiteit, Amsterdam verwerf. Sy promotor was prof. dr. J. Lever.

Dr. en mev. Van Aardt was vier jaar in Holland en dr. Van Aardt het hoofsaaklik navorsing gedoen oor die waterhuishouding van varswaterslakke. Mev Annette van Aardt (geb. Ferreira) is ook 'n oudstudent.

**LINDEQUE**

**Skoenreparasies**

— Octron-gebou —

*Twee depots op Bult:*

BULT DROOGSKOONMAKERS
WESTVAAL DROOGSKOONMAKERS
Spesiale pryse vir studente.
Aflewering op die Kampus.



**PROFESSOR SE FILOSOFIE**

„Ek is geen spekulant nie. Ek soek wel waardevermeerdering vir my geld, maar ek het nie die tyd of die temperament om my oor wisselvallighede te bekommer nie. Ek glo dus in: skokvrye sekuriteit saam met die hoogste rentekoerse! *Dit* kry ek by NASIONALE BOUVERENIGING in 'n hele reeks spaar- en beleggingsplanne waaruit 'n mens die koers kan kies wat jou pas. En daarby 'n uitkyk op sake wat strook met 'n moderne begrip van doeltreffendheid asook 'n manier van doen wat dit aangenaam maak om van jou wegsitgeld afstand te doen!"

**NASIONALE BOUVERENIGING**

Vir die voordeligste beleggings (Tans 4½% – 6½%)

Hoofkantoor: Posbus 2359, Pretoria. Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

VZ0046

# FLIEKS


20th CENTURY FOX

MAANDAG 30 SEPT. SATERDAG 12 OKTOBER
**STAR**
JULIE ANDREWS
(Geen voorprogram. Aandvertoning begin om 7.30.
Spesiaal vir studente.
Toegang: Middag: 35c; 45c.
Aand: 55c.; 75c.

MAANDAG 14 en DINSDAG 15 OKTOBER
**THE BOBO**
PETER SELLERS

WOENSDAG 16 en DONDERDAG 17 OKTOBER
**SPEEDWAY**
ELVIS PRESLEY

VRYDAG 18 en SATERDAG 19 OKTOBER
**THEY ONLY KILL ONCE**
ROBERT MACALLUM

MAANDAG 21 OKTOBER
**VADERTJIE LANGBEEN**

DINSDAG 22 OKTOBER
**FRATSE IN DIE VLOOT**

WOENSDAG 23 tot SATERDAG 26
**THE DOUBLE MAN**
YUL BRUNNER

MAANDAG 28 en DINSDAG 29 OKTOBER
**ACCIDENT**
DIRK BOGARDE

WOENSDAG 30 en DONDERDAG 31 OKTOBER
**THE VENGEANCE OF SHE**
OLINKA BEROVA

## GOUE WESTE

WOENSDAG, DTNDERDAG 9, 10 OKTOBER
**THE WRONG BOX**
JOHN MILLS

VRYDAG, SATERDAG, 11, 12 OKTOBER
Eerste Vertoning:
**ELDORADO**

Tweede vertoning:
**THE WRONG BOX**

MAANDAG 14 en DINSDAG 15 OKTOBER
**OKLAHOMA**
GORDON McCRAE
SHIRLEY JONES

WOENSDAG 16 en DONDERDAG 17 OKTOBER
**PROMISE HER ANYTHING**

VRYDAG, SATERDAG, 18, 19 OKTOBER
Eerste Vertoning
WOENSDAG 9 en DONDERDAG 10 OKTOBER
**REBECCA**
LAURENCE OLIVIER
(Niemand 4—16 nie)

VRYDAG 11 en SATERDAG 12 OKTOBER
Eerste Vertoning:
**PRESS FOR TIME**

Tweede vertoning:
**REBECCA**

MAANDAG tot DONDERDAG 14 tot 17 OKTOBER
JULIE ANDREWS
**THOROUGHLY MODERN MILLIE**

VRYDAG 18 en SATERDAG 19 OKTOBER
Eerste Vertoning:
**THOROUGHLY MODERN MILLIE**

Tweede vertoning:
**FROM HELL TO BORNEO**
GEORGE MONTGOMERY



die WAPAD

WOENSDAG 9 OKTOBER 1968


# 'n Nuwe Tydvak

Die P.U. vir C.H.O. beleef 'n tyd van snelle vooruitgang. Die tydsgewrig waarin ons ons bevind en die grondslag van hierdie inrigting stel hoë eise waaraan voldoen moet word. Die uitdagings is groot, die verantwoordelikheid en taak tog heerlik.

Hierdie dinge het 'n invloed op elke aspek van die Universiteitslewe en baie beslis ook op die studentelewe. Die studentelewe moet ontplooi onder ander omstandighede as 'n paar jaar tevore. Ook Die Wapad moet hiermee rekening hou en voortdurend daarna strewe om te wees soos die Universiteit self: die Universiteit moet 'n neerslag vorm in Die Wapad. Uit Die Wapad moet ons 'n beeld kan vorm van die lewe hier op ons kampus. Die Wapad moet reflekteer.

Namate die Universiteit groei en die studentegemeenskap groter word, word die taak van Die Wapad groter en neem sy funksie in die studentelewe toe. Waar die studentegemeenskap voorheen van nature 'n hegte groep gevorm het, is Die Wapad tans die kommunikasiemiddel tussen mense van een groep. Waar die belangstellings voorheen min of meer in dieselfde bane beweeg het, divergeer dit al hoe meer. En hoe kan dit anders? Soveel hoofde soveel sinne. Hiermee moet deeglik rekening gehou word. In Die Wapad en deur Die Wapad heen leer ons mekaar ken en neem die studentelewe 'n sekere vorm aan: of ons word bewus van 'n al groter distansie tussen kleiner groepe uit een gemeenskap, of ons leer mekaar so ken dat ons mekaar steeds kan waardeer en na mekaar kan luister. Aan ons Universiteit is daar soveel dinge wat ons gemeenskaplik het; dinge waarvan ons bewus kan bly deur Die Wapad. Die Wapad moet saamsnoer.

Die P.U. vir C.H.O. staan midde in die lewe en word gekenmerk deur 'n besondere soort dinamiek, 'n dinamiek wat sy grond vind in die eise wat sy leuse en grondslag aan hom stel. Dit kan uiteraard nie verstard raak nie, en omdat dit doelbewus vanuit vaste grondslae wil werk, kan dit ook nie verward raak nie — mits ons in alle opsigte trou bly aan die uitgangspunte van die P.U. vir C.H.O. Die kulturele roeping moet helder voor die oog bly, naamlik bou. Hierin lê die dinamiek.

Ook hieraan is Die Wapad nie vreemd nie. Die Wapad is 'n deel van die P.U. vir C.H.O. en vind sy bestaansreg in sy verbondenheid aan hierdie inrigting. Daarom is van Die Wapad. Die Wapad die kulturele roeping van die Universiteit ook die roeping moet bou, uitbou met helder visie, flink en ywerig, loodreg met die hoekstene van die P.U. vir C.H.O.

Die dinamiek van die P.U. vir C.H.O. is nie iets wat ontleen word aan die gejaagdheid van ons tyd, die sogenaamde dinamiese tyd nie. 'n Mens kan met jou dinamiek in sypaadjies verdwaal en eensydig word. Die P.U. vir C.H.O. vind sy dinamiese krag in sy reformasiebeginsel. Reformasie! Dit is ons antwoord op pleidooie om revolusie of sosiale ommekeer bloot net vir die verandering. Die P.U. vir C.H.O. wil reformeer, nie alleen as taak ten opsigte van ons volk in al sy fasette nie, maar ook as taak na binne. Wie ander roep na reformasie, moet bereid wees om self te reformeer. Ook hierin is Die Wapad bewus van watter eise gestel word. Die reformasiebeginsel is beginsel ook van Die Wapad. Daarom sal Die Wapad nie huiwer om reformatories te werk te gaan nie, versigtig, doelgerig en gemotiveerd. Die Wapad moet reformeer, sonder om onverantwoordelik af te breek. Objektief sal Die Wapad bly, maar sal hom nie begewe op die pad van subjektief-eensydige ,,neutraliteit'' nie.

Aan al hierdie eise wil Die Wapad voldoen. Daar is egter nog baie ander, meer tipografiese en joernalistieke vereistes. Hier word gepoog om in volle lyn te bly met die trotse tradisie van Die Wapad, opgebou deur die harde werk van vorige redaksies. Hierin het die departement perswetenskap van die P.U. vir C.H.O. geen geringe deel gehad nie! Die Wapad is dankbaar dat noue bande van samewerking en leiding gesmee kan word.


## POTCH. INRY-TEATER

**OKLAHOMA**

Tweede Vertoning
**PROMISE HER ANYTHING**

MAANDAG 21 en DINSDAG 22 OKTOBER
**COWBOY IN AFRICA**
HUGH O'BREIN
JOHN MILLS

WOENSDAG 23 en DONDERDAG 24 OKTOBER
**RED TOMAHAWK**
HOWARD KELL
JOAN CAULFIELD

VRYDAG 26 en SATERDAG 27 OKTOBER
Eerste Vertoning
**COWBOY IN AFRICA**

Tweede Vertoning
**RED TOMAHAWK**

MAANDAG 28 OKTOBER tot DINSDAG 5 NOVEMBER
**JY IS MY LIEFLING**
MIN SHAW
FRANZ MARX
RUTH WATTS
SIEGFRIED MYNHARDT
en FIELIES


# Ons Lesers Skryf

## Dorpstudente afgeskeep

Geagte Redakteur,

Ek wens hiermee my besware te opper teen die organisasie van die lentefees in soverre dit die bekendstelling daarvan deur die A.O.B. betref. My beswaar is sodanig dat daar gediskrimineer is teen die dorpstudente.

Die advertensie het slegs aangedui waar die fees gehou word, naamlik by Boskopdam. Sover ek weet is die Boskopdam baie groot, en hoe moes ons weet presies waar by die dam die fees gehou sou word?

Ek wil graag die versoek rig dat sodanige advertensies in die vervolg duideliker en meer presies gestel sal word.

Wat die organisasie van die lentefees by die dam self betref, moet ek egter toegee dat vanjaar se A.O.B. meer inisiatief aan die dag gelê het as die van verlede jaar. Baie dankie daarvoor.

'n DORPSTUDENT.

# EKSAMENREËLINGS

**STUDENTE moet gedurende die komende eksamentyd gedurig die hoofkennisgewingbord dophou met die oog op moontlike mondelinge eksamens. Volgens 'n woordvoerder van die administrasiekantoor word geen individuele kennisgewings aan studente gestuur, wat in die geval van twyfelagtige vraestelle, vir deurslaggewende mondelinge eksamens opgeroep word nie.**

**Studente wat dus na die voltooing van hul eksamens die universiteit verlaat sonder om hulle daarvan te vergewis dat hulle geen mondeling eksamen hoef af te lê nie, doen dit op hul eie risiko, aangesien die mondelinge eksamens voor die sluiting van die Universiteit afgeneem word.**

**Aanvullingseksamens word in 1969 geskryf vanaf 20 Januarie tot 1 Februarie.**

**Vir eerstejaarstudente begin die Universiteit op Maandag 4 Februarie en vir seniorstudente op 17 Februarie.**


# REDAKSIE

Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039
Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039
Sosiale redaktrise. Rika van Graan — tel. 4477
Politieke redakteur: Francois Venter — tel. 2019
Akademiese redakteur: Dawid van Wyk — tel. 3648
Sportredakteur: Dup du Bruyn — tel. 2019
Interuniversitere redakteur: Dirk Laufs — tel. 2068
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Eeufeesredakteur: Dirk Wijnbeek — tel. 5913
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen ...
Hoofadministrateur: Dawid van Aswegen — tel. 2172
Advertensiebestuurder: Johan Light helm — tel. 2172

SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg —tel. 8014
Hennie Horn — tel. 2019
Hennie de Villiers — tel. 2019
Henk Coetzee — tel. 4869
Johan Yssel — tel. 5458
Bester Swart —
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS
Elsabe Smuts — tel. 2069
Hannetjie Beukes — tel. 2071
Erna Arnold — tel. 2069
KUNSVERSLAGGEWERS:
P. Fourie — tel. 8014
Louise Heystek — tel. 2071
Nicolene Marais — tel. 2069

POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger — tel. 2019
Tonie van Tonder —

SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Winnie Venter — tel. 2119
Amalia du Plessis — tel. 2069
Andre le Roux — tel. 2172
Magriet de Lange — tel. 2071
Coenraad du Toit — tel. 2067
Hestrie Snyman — tel. 2069
Marlena Lemmer — tel. 3214
Rika van der Walt — tel. 2069
Gert Kruger — tel. 8095
Dries Burger — tel. 2019.



## WEN R10

Vanaf 1 Januarie 1969 gaan die

**PARADISE RESTAURANT**

onder 'n nuwe eg-Afrikaanse naam bekend staan
Lewer soveel voorstelle as u wil vir 'n nuwe naam voor
15 Desember persoonlik by die Bestuurder in.
*Die voorsteller van die naam wat aanvaar word, ontvang 'n prys van R10.*




**Ons moes eerder Suid-Afrika laat kom het en ons eie studente geboikot het.**

## STEMPROBLEEM

Geagte Redaksie,

Wat was my ontnugtering groot toe ek op 4 September by die stembus van die A.O.B. kom en moes uitvind dat ek, soos verskeie ander, wat aktief gehelp het met die werk van die Karnaval vanjaar, nie eers stemreg het nie. As medewerkers van die A.O.B. het ons mos meer reg gehad om te stem vir die A.O.B.-bestuur, as van die ander persone wat wel stemreg op die ander hoofbesture gehad het en niks vir die A.O.B. gedoen het nie. Waar het die fout dan gekom dat daar juis teen die aktiewe medewerkers gediskrimineer is?

Verder is die nuwe A.O.B.-bestuur reeds meer as 'n maand gelede gekies en kon ek, behalwe vir die lentefees, niks konstruktiefs sien wat hulle gedoen het nie. Sedert die genoemde dag in September is daar nog nie eenkeer op Sondagaande na kerk plate gespeel nie. Die mense vra altyd dat ons moet ondersteun en nie 'n slap benadering moet hê nie; maar is daar nie genoeg rede om bekommerd die nuwe jaar tegemoet te gaan as dit nou-al so gaan nie?

Nou wonder ek maar net: WAT GAAN AAN?

BEKOMMERD.

(Sover ons kon nagaan, is 'n besluit geneem dat sodanige medewerkers wel stemreg vir die A.O.B.-bestuur sou hê — Red).

## *KOM ONS GAAN BLOMME PLUK*

**'n ONGEWENSDE SAAK is die afgelope paar weke onder die aandag van die publiek sowel as die van die Puk-owerhede gebring toe daarop gewys is watter afmetings die blommestelery in Potchefstroom die afgelope tyd aangeneem het. In die meeste van die gevalle word die stelery voor die deur van die studente gelê en daarom is besluit dat dieper op die saak ingegaan moet word.**

In 'n opname wat gedoen is by die woonhuise wat rondom en naby die Universiteit geleë is, is vreeslike stories gehoor van skade wat aan goedversorgde tuine aangerig is, maar ook van ernstige klagtes oor gevalle waar duur potplante sommer goedsmoeds van stoepe verwyder en later in die besit van studente gevind is.

**DUURSTE BLOMME**

Wat veral die meeste lede van die publiek omkrap, is die feit dat die studente nie slegs die blomme afpluk nie, maar in die meeste gevalle die duurste blomme kies, en dan sommer ook die res van die tuin vertrap en sodanig beskadig dat daar ook niks van die ander blomme oorbly nie.

DDie meeste persone wat genader is, was heeltemal gewillig om blomme aan studente af te staan, maar dan moet daarom gevra word en nie eiereg gebruik word nie.

Hoewel lede van die publiek heeltemal saamgestem het dat dit ook ander persone, behalwe studente, kan wees, beskou hulle dit as uitsluitlik 'n ongeneeslike siekte waaran studente ly. Die stories is egter ook vertel van skoolkinders, sowel as persone wat blomme verkoop, wat tuine gestroop en baie skade aangerig het.

In die opname het dit geblyk dat die grootste skade die afgelope tyd gedoen is toe die affodille geblom het en in die huidige stadium is dit veral varkore en rose wat deurloop. Al die blomme-eienaars was dit een dat hierdie vandalisme sal veroorsaak dat almal „studentehaters" word en die enigste middel om diefstal in die toekoms te bekamp, sal wees om die hulp van die gereg in te roep.

Hiermee word dan 'n beroep op die studente gedoen om asseblief nie die tuine heeltemal te vertrap wanneer hulle blomme pluk nie!

# Vereniging vir behartiging van akademiese belange op P.U. gestig

**DIE SOSIAAL-AKADEMIESE VERENIGING wat verlede jaar gestig is, sal binnekort aansoek doen om onder patronaat van die Studenteraad te kom, het die voorsitter van die vereniging, mnr. Neels Malan, aan Die Wapad gesê. Soos die S.S.B. die sportbelange van die studente behartig, wil SOSAK na die akademiese belange van die studente omsien.**

Die vereniging bestaan uit die voorsitters van die verskillende akademiese verenigings aan die P.U., bv. die Colamus Studievereniging, en die Geologiese en Wysgerige Verenigings, ensovoorts.

**BOEKWINKEL**

Die vereniging was die idee van mnr. Jan-At Kruger en mnr. J. J Pontifex Venter was die eerste voorsitter. Hy het die moontlikheid van 'n boekwinkeltjie op die kampus genoem waar studente se handboeke vir hulle verkoop kan word aan ander studente.

Mnr. Malan het gesê dat SOSAK werklik diens wil lewer aan die individuele student.

—(eie berig).

# PERSWETENSKAP WORD VIERJARIGE KURSUS

**PERSWETENSKAP word in 1969 'n vierjarige kursus net soos biblioteekkunde en maatskaplike werk. „Die inhoud by hierdie studie het te breed geword vir behoorlike afronding binne drie jaar," het die hoof van die departement, prof. G. J. Pienaar, gesê.**

Prof. Pienaar het in 1960 die uitbouing van die departement, volgens mnr. Louis le Grange, L.V., „met 'n paar koerantuitknipsels" begin. Op 1 Oktober vanjaar het hy hoogleraar geword.

Die doel van die nuwe indeling is om die akademiese inhoud van die proffesionele kursusse nie te verskraal nie. Die eerste- en tweedejaarkursusse sal byna suiwer akademies wees en kan as gewone B.A.-vakke geneem word. Daarna word die Perswetenskap III sal nie as kursus meer professioneel en B.A.-hoofvak tel nie.

Nuwe aspekte wat bykom is 'n studie van kommunikasie, tipografie en skakelwerk. Die studie van die persreg word uitgebrei tot drie vraestelle; een elk in die tweede, derde en vierde studiejaar.

**TIPOGRAFIE**

By die studie van tipografie sal veral aandag gegee word aan bladbeplanning en uitleg met die oog op tydskrifwerk.

„Die hoop bestaan dat betreklik gou vir illustrasie en handelskuns plek gemaak sal word," het prof. Pienaar gesê.

Reeds ingeskrewe studente het die voorreg om te kies tussen die ou driejarige en nuwe vierjarige kursus, maar vanaf 1969 sal almal vir vier jaar moet inskryf.

Die departement bied ook 'n nagraadse diploma in joernalistiek aan. Studente wat enige graad (selfs B.Sc.) behaal het, kan hiervoor inskryf.

# - Deur My Lens -

23 September 1968.

Geagte mnr. Kruger,

Ek hoor jy soek 'n „clown" om „Deur My Lens" te skryf, noudat die een ontmasker is en die ander een gedros het. Ek's jou man. Ek hou daarvan om oor alles waarvan ek nie hou nie te skryf en ek hou van niks nie. Graag verneem ek van wanneer af my aanstelling geld.

Van-Jy-Weet-Wie.

25 September 1968.

Liewe Ek-Weet-Nie,

U aansoek is behandel soos al sewe-en-twintig ander aansoeke en ons voel dat u nie inpas by ons hele georganiseerde studente belangstellingsfeer-struktuur en sisteem nie. U kan nie skryf nie en u is voorbarig. Graag verneem ons nie weer van u nie.

(Geteken) J.-At Kruger.

N.S. Die enigste wat in u guns tel is die feit dat u daarvan hou om van skuilname gebruik te maak.

## *Reflektor*

26 September 1968.

Beste Kruger,

Ek dink jy is onbeskof en hoogdrawend en buitendien klink jou storietjie van 27 aansoeke so onoortuigend soos die belaglik formele handeklap van die massa na elke belaglik formele spreker op elke belaglik formele massavergadering. Dat jy my probee inpas by die belange-ensovoorts-sisteem, gee my 'n kramp in my sisteem. As ek nie geweet het dat ek uitgeknip Reflektor is nie, sou ek nie moeite gedoen het om weer te skryf nie. Verder: Hoekom probeer julle nie Die Wapad dikker maak nie, sodat dit darem meer soos 'n koerant lyk en minder soos 'n uitverkopingspamflet. Nog 'n ding; as julle wil hê die mense moet Die Wapad lees, dan moet julle 'n „comic" kry.

VanWeet-Jy-Noual-Wie.

28 September 1968.

Beste Ek-Weet-Nog-Nie-Wie,

Die Wapad sal dikker wees en ons het reeds besluit om 'n strokiesprent in te voeg. Ek sal u sê waarom ons u nie as Reflektor kan gebruik nie. Ons wil hê Reflektor moet objektief en opbouend skryf. Hy moet 'n waardige student wees, iemand waarna almal sal opsien en sy skryftrant moet vloeiend en gesagafdwingend wees. Siniese mense is 'n gevaar vir die georganiseerde studentestruktuur en die taak van Reflektor sal wees om die breë studentekorps op te voed. Ons voel u kwalifiseer nie.

(Geteken) J.-At Kruger.

30 September 1968.

Luister Ou Jannie,

Wie dink jy beïndruk jy? Die „boys" wil 'n siniese koejawel as Reflektor hê. Ek kwalifiseer.

Van Nou-Weet-Jy-Wie-Nê.

31 September 1968.

Beste Ja-Nou-Weet-Ek,

Kom sien my in die nuwe Wapad-kantoor. Sal u asseblief moeite doen en netjies aantrek.

(Geteken) J.-At Kruger.

N.S. Leen maar êrens, by iemand wat klasdraf, 'n baadjie en 'n das.

Ek het gegaan. Ek was reg. Daar was nie 27 aansoeke nie. Daar was net een. Myne?. Ek's die nuwe Reflektor. Nou gaan die hare waai.

**JOUBERT MEUBELS**
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir
**MODERNE MEUBELS**
en alle
**HUISHOUDELIKE TOERUSTING**

Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
**Jongste Plaat-opnames**
Kom besigtig ons groot reeks.

*VIR MODERNE VERLOOFRINGE:*

**TRANSVALIA JUWELIERS**

**STADSENTRUM,**

**POTCHEFSTROOM.**

**TRUST APTEEK**

TRUST BANK-SENTRUM,

TEL. 7116.

- Geskenke
- Pottebakkery
- Fotografiese
- benodigdhede.

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.



**GROSVENOR MOTORS**

Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon 4351/2/3.
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS

ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES



Vir al u

APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

Besoek:

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.



SKOENREPARASIES

en

FIETSREPARASIES

VIR FLINKE DIENS

kom na:

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas).



Met komplimente van

**AJAX**

(Edms.) Bpk.

BOEKE — SKRYFBEHOEFTES


# Is die Universiteit 'n broeikas?

**Deur Heilna Venter**

Om na vier jaar van studentwees iets te sê oor studentelewe in die algemeen, is gewis nie 'n maklike taak nie. Daar is soveel aspekte van studentelewe wat interessant genoeg is om oor te skryf, dat 'n lys van sodanige onderwerpe seker alreeds 'n hele Wapad sal beslaan. Oor elkeen van hierdie onderwerpe sal daar seker weer omtrent 'n hele boek geskyf kan word!

Daar is egter sekere dinge wat alle studente op een of ander stadium van hulle universiteitsloopbaan beleef. Almal land hier aan as vreesike entoesiastiese eerstejaars, geïnspireerd vir studie en chronies verstom deur al die nuwe dinge waarmee kennis gemaak word. Jy leer vergaderings bywoon, jy swot vir bros, leer om studentetaal te praat — 'n gewone mens wee tog nie wat is „koek", „sleep" (as funksiewoord of saakwoord), en dinge soos „bolle" nie. 'n Mens raak verlief en begin sleep, dit wil sê, jy sit op 'n koue sementsleepbankie en maak of jy die koue nie voel nie al is dit in die middel van die winter; as jy verlief genoeg is, voel jy die koue buitendien nie.

**LEWENSDRANG**

Studente is mense wat 'n besondere sterk lewensdrang het. Die lewe is vir hulle 'n jonggroen lenteverlokking, al is dit in die middel van die winter. Hulle kom almal partymaal hewig in verset teen die roetine van boeke, koshuiskos, harde swotstoele en pienk koshuistee.

Partymaal is dit egter ook lekker om so 'n akademiese bevlieging te kry en gereeld bib toe te gaan — al duur die bevlieging net 'n week of twee.

Dit is een sy van studentwees; die lekker, los sy. Maar daar is ook 'n ander sy, naamlik die verantwoordelikheid om as student 'n spesifieke rol as mens te vervul. Dit is vandag 'n geweldige moeilike taak om vas te stel wat presies die taak of rol van die student as deel van 'n gemeenskap of volk is. Is die universiteit 'n soort van broeikas, waarin die student geplaas word tot hy die kennis en rypheid verwerf het, wat nodig is om die eise van die gespesialiseerde moderne beskawing die hoof te bied? As dit die geval is, moet die universiteitgemeenskap as 'n aparte losstaande gemeenskap aanvaar word, 'n gemeenskap wat geen verbintenis met of verantwoordelikheid teenoor of invloed op die res van die volk of die land se bevolking het nie.

Dit is egter duidelik uit resente gebeure dat die studente groot invloed kan uitoefen op toestande in 'n land, of hulle hulle nou met politiek, godsdiens of internasionale geskille bemoei. Die leiers van studente is reeds senior studente en hierdie mense is uit die aard van die saak nie meer kinders nie. Hulle weet waarop hulle afstuur en waarheen hulle hulle volgelinge lei. Hulle is ook bewus van die feit dat 'n student, omdat hy nog 'n jongmens is en vurig en intens kan voel en inleef en meeleef, 'n goeie volgeling is as hy die oortuiging van sy leier deel. Weens sy daadkragtige aard sal hy 'n saak ook met groot entoesiasme aandurf en tot die einde deurvoer.

**LEIERS HET 'N TAAK**

Dit is dus 'n geweldige taak wat op die skouers van die studenteleiers van hierdie tyd rus. Hulle is wel gemoeid met die studentelewe in afgeslote kring, maar hulle moet besef dat studente-optrede ook in wyer kringe neerslag vind. Hierdie mense moet dus bepaal wat die funksie van die studentegemeenskap is, maar meer nog, hulle moet toesien dat die studente hierdie teoreties bepaalde funksie vervul.

Wanneer 'n studentegemeenskap hom nou verder op 'n eiesoortige karakter wil beroem word hierdie taak nog moeiliker. Tot in watter mate mag die student beperk word in sy optrede om by hierdie spesifieke karakter te pas? Watter rol speel tradisies by die bepaling van sekere gedragskodes en mag daar reëls vasgelê word i.v.m. gedrag in hierdie verband? Hoe kan daar bepaal word wanneer die leier gebalanseerd probeer wees en wanneer hy kompromieë aangaan ten koste van die karakter van die universiteit? Watter mate van verantwoordelikheid kan die studentegemeenskap en die leiers daarvan aanvaar vir die gedrag van individuele studente?

So kan 'n mens aangaan en duisende vrae vra, en die laaste vraag sal dan wees, of daar 'n oplossing vir al hierdie probleme gevind kan word?

**PROBLEME MEER**

**Wanneer 'n mens nou van die Puk af weggaan, dink jy oor al hierdie dinge — oor die lekker van die studentelewe, die lag en vrolik-wees, maar jy dink ook oor die toekoms, en jy dink oor die mense wat agterbly en al die probleme, wat steeds meer word, moet oplos of probeer oplos. 'n Mens dink oor die geestelike oorwinnings van die verlede en jy dink aan die krisisse wat kom. En 'n mens dink ook daaraan dat dit nie altyd die goeie, die mooie en die regte is wat seëvier in 'n stryd nie . .**

# - WAPADLANGS -

## IS 'N NUWE VLAG NOU NODIG?

*deur Sweepslag*

**HIERDIE IS NIE die plek om partypolitiek te praat nie maar dit is sekerlik geregverdig om hier 'n hartsogtelike strydkreet aan te hef teen hulle wat my vlag van my wil wegneem. Hartsogtelik, want hoe ruwer hoe rower, hoe fyngevoeliger die beroofde.**

*„ . . . Met ons oë gerig op jou, Ons Oranje-blanje-blou!"*

Agt-en-vyftig jaar gelede het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Veertig jaar gelede het die Unie 'n vlag gekry. Sewe jaar gelede is die Republiek van Suid-Afrika onder daardie vlag uitgeroep. Alle inboorlinge van Suid-Afrika jonger as veertig jaar is onder die vlag gebore en talle het in 'n Wêreldoorlog en in Korea daaronder gesterf, en tans veg die Suid-Afrikaanse Polisie in Rhodesië met die Republiekvlag in die hand.

Voordat die Unievlag in 1928 gehys is, was daar 'n vurige stryd oor hoe dit moes lyk. Die vlag wat wel gehys is, was simbolies van byna driehonderd jaar se geskiedenis van 'n nasie op Suid-Afrikaanse bodem: die Union Jack het vir die eerste keer in 1795 in die Kaap gewapper. Daarna, vanaf 1806 het die Kaapkolonie daaronder gestaan, vanaf 1848 Natal en in 1902 het dit ook die vaandel van die Vrystaat en Transvaal geword. Die Britse vlag was 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse toneel tot in 1957 toe die Unievlag as enigste Suid-Afrikaanse landsvlag verorden is. Dus het die Union Jack 'n integrale deel van ons geskiedenis geword en vanaf 1928 het dit ook in ons eie nasionale vlag ingegroei tot vandag toe. Onaangename herinneringe laat die Union Jack sekerlik nog by die ouer geslag opkom, maar moet mens jou geskiedenis verwerp as dit onaangenaam is? En het die onaangenaamheid van ons geskiedenis onder die Britte ons nie juis sterk gemaak nie?

Weens trou aan die Vrystaatse en Transvaalse Republieke se vlae het duisende van ons voorouers in die Vryheidsoorloë gesneuwel en vroue en kinders het in konsentrasiekampe gesterwe. Ook daardie vlae van ons verlede het integraal deel geword van die Unievlag wat lank reeds ons soewereiniteit bestempel tussen die nasies van die wêreld. Die oranje, wit en blou stroke het die tipies Suid-Afrikaanse waarteken geword van vryheid en eenheid, trou en geloof in wat ons eie is.

Ek ken geen ander Suid-Afrikaanse vlag nie, en, behalwe as die vernuwers hul sin kry, sal my kinders ook trou sweer aan die simboliese weerspieëling van ons geskiedenis in die Oranje-blanje-blou!

**En hier is nuus vir hulle, die vernuwers: daar is so iets soos tradisie, en 'n ding soos progressiewe behoud van dierbaarhede uit die verlede, anders sou geskiedskrywing grotendeels waardeloos wees. Bepleit jy die verwydering van ons landsvlag en beskou jy dit as 'n tydelike stuk lap om te gebruik totdat jy iets anders het, soos wanneer jy maar 'n olielap gebruik totdat jy 'n sakdoek kry, versmaai jy jou eie geskiedenis en verloën jy die trou wat jy veertig jaar lank gesweer het.**

Is die simbool van sewe jaar oue republikeinse eenheid dan 'n teken van verborge onenigheid en van 'n heimlike strewe na onvoorwaardelike vernuwing? Ons is wel van Afrika, maar beteken dit dan dat ons ook alles moet UHURU en verkrag wat die eeue aan ons gegee het?

'n Nasionale vlag is die simbool van patriotiese liefde. Wanneer jy as Suid-Afrikaner tussen en teenoor ander nasionaliteite staan, identifiseer jy al die vaderlandsemosies in jou met daardie simbool. Dit is dus 'n belangrike saak, want in ons rasionele tyd, word emosies met simbole uitgedruk — en per slot van rekening is 'n mens 'n emosionele wese. As die emosie boonop vaderlandsliefde is, en jy probeer die ingewortelde simbool van daardie liefde vervang, speel jy met vuur, soek jy na persoonlike verfoeling en saai jy verdeeldheid.

Eindelik moet 'n mens vra of daar werklike, regverdigbare motivering is vir die stryking van die Republiekvlag Nee! Tot die bittereinde, nee. In ons Suid-Afrikaanse politiek is daar voortdurend sprake van „super-Afrikaners" wat afgemaak word as onproduktiewe en stagnante konserwatiste. Hulle is die sogenaamde „gesuiwerdes" en die Vierkleurwaaiers — lewendige stemme wat hol lawaai uit die stoere verlede maak. Is dit nie hulle, wat die „uitwaarts" inwaarts wil keer, van wie die eerste geblaas oor 'n nuwe vlag gekom het nie? En nou sê die „volk se stem" ook skielik „weg met die Union Jack". Hulle gil om iets nuuts, tipies van die „hede", daardie tydsgewrig wat „niks met die verlede te doen het nie". Is dit nie 'n pragtige politieke hoogtepunt nie: die stoeres en die kontemporêres vind mekaar oor 'n nuwe vlag — die een verfoei die huidige Britse politiek, die ander die verlede. 'n Gebalanseerde nasie het gebalanseerde politiek nodig wat gevoer word onder 'n vaandel wat daargestel is op 'n gebalanseerde wyse. Tans is daar net een so 'n vlag in Suid-Afrika — die Republiekvlag.

Ek salueer die enigste Suid-Afrikaanse nasionale vlag:

*„Hoog die hart, hoog die vlag, Hoog Oranje-blanje-blou".*


**J. A. VAN DER WALT & KIE**

(EDMS.) BPK.

(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).

Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.

Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.

TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326. Posbus 913, Stadsentrum 118.

**TRUST APTEEK**

TRUST BANK-SENTRUM,
TEL. 7116.

* *Geskenke*
* *Pottebakkery*
* *Fotografiese*
* *benodigdhede.*

Ons vriendelikheid en diens is u waarborg.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS.

**GROSVENOR MOTORS**

Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon 4351/2/3.
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS

ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLANE
en
GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES

*Vir al u*

APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

*Besoek:*

**APTEKERS J. P. VAN DER WALT (EDMS.) BPK.**

Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

SKOENREPARASIES
en
FIETSREPARASIES
VIR FLINKE DIENS
kom na:

**HUIS EN TUIN**
(Langs Volkskas).

Met komplimente van
**AJAX**
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

# Is die Universiteit 'n broeikas?

**Deur Heilna Venter**

Om na vier jaar van studentewees iets te sê oor studentelewe in die algemeen, is gewis nie 'n maklike taak nie. Daar is soveel aspekte van studentelewe wat interessant genoeg is om oor te skryf, dat 'n lys van sodanige onderwerpe seker alreeds 'n hele Wapad sal beslaan. Oor elkeen van hierdie onderwerpe sal daar seker weer omtrent 'n hele boek geskyf kan word!

Daar is egter sekere dinge wat alle studente op een of ander stadium van hulle universiteitsloopbaan beleef. Almal land hier aan as vreesike entoesiastiese eerstejaars, geïnspireerd vir studie en chronies verstom deur al die nuwe dinge waarmee kennis gemaak word. Jy leer vergaderings bywoon, jy swot vir bros, leer om studentetaal te praat — 'n gewone mens wee tog nie wat is „koek", „sleep" (as funksiewoord of saakwoord), en dinge soos „bolle" nie. 'n Mens raak verlief en begin sleep, dit wil sê, jy sit op 'n koue sementsleepbankie en maak of jy die koue nie voel nie al is dit in die middel van die winter; as jy verlief genoeg is, voel jy die koue buitendien nie.

## LEWENSDRANG

Studente is mense wat 'n besondere sterk lewensdrang het Die lewe is vir hulle 'n jonggroen lenteverlokking, al is dit in die middel van die winter. Hulle kom almal partymaal hewig in verset teen die roetine van boeke, koshuiskos, harde swotstoele en pienk koshuistee. Partymaal is dit egter ook lekker om so 'n akademiese bevlieging te kry en gereeld bibtoe te gaan — al duur die bevlieging net 'n week of twee.

Dit is een sy van studentwees; die lekker, los sy. Maar daar is ook 'n ander sy, naamlik die verantwoordelikheid om as student 'n spesifieke rol as mens te vervul Dit is vandag 'n geweldige moeilike taak om vas te stel wat presies die taak of rol van die student as deel van 'n gemeenskap of volk is. Is die universiteit 'n soort van broeikas, waarin die student geplaas word tot hy die kennis en rypheid verwerf het, wat nodig is om die eise van die gespesialiseerde moderne beskawing die groot invloed kan uitoefen op toestande in 'n land, of hulle hulle nou met politiek, godsdiens of internasionale geskille bemoei. Die leiers van studente is reeds senior studente en hierdie mense is uit die aard van die saak nie meer kinders nie. Hulle weet waarop hulle afstuur en waarheen hulle hulle volgelinge lei. Hulle is ook bewus van die feit dat 'n student, omdat hy nog 'n jongmens is en vurig en intens kan voel en inleef en meeleef, 'n goeie volgeling is as hy die oortuiging van sy leier deel. Weens sy daadkragtige aard sal hy 'n saak ook met groot entoesiasme aandurf en tot die einde deurvoer.

## LEIERS HET 'N TAAK

Dit is dus 'n geweldige taak hoof te bied? As dit die geval is, moet die universiteitgemeenskap as 'n aparte losstaande gemeenskap aanvaar word, 'n gemeenskap wat geen verbintenis met of verantwoordelikheid teenoor of invloed op die res van die volk of die land se bevolking het nie.

Dit is egter duidelik uit resente gebeure dat die studente wat op die skouers van die studenteleiers van hierdie tyd rus. Hulle is wel gemoeid met die studentelewe in afgeslote kring, maar hulle moet besef dat studente-optrede ook in wyer kringe neerslag vind. Hierdie mense moet dus bepaal wat die funksie van die studentegemeenskap is, maar meer nog, hulle moet toesien dat die studente hierdie teoreties bepaalde funksie vervul.

Wanneer 'n studentegemeenskap hom nou verder op 'n eiesoortige karakter wil beroem word hierdie taak nog moeiliker. Tot in watter mate mag die student beperk word in sy optrede om by hierdie spesifieke karakter te pas? Watter rol speel tradisies by die bepaling van sekere gedragskodes en mag daar reëls vasgelê word i.v.m. gedrag in hierdie verband? Hoe kan daar bepaal word wanneer die leier gebalanseerd probeer wees en wanneer hy kompromieë aangaan ten koste van die karakter van die universiteit? Watter mate van verantwoordelikheid kan die studentegemeenskap en die leiers daarvan aanvaar vír die gedrag van individuele studente?

So kan 'n mens aangaan en duisende vrae vra, en die laaste vraag sal dan wees, of daar 'n oplossing vir al hierdie probleme gevind kan word?

## PROBLEME MEER

**Wanneer 'n mens nou van die Puk af weggaan, dink jy oor al hierdie dinge — oor die lekker van die studentelewe, die lag en vrolik-wees, maar jy dink ook oor die toekoms, en jy dink oor die mense wat agterbly en al die probleme, wat steeds meer word, moet oplos of probeer oplos. 'n Mens dink oor die geestelike oorwinnings van die verlede en jy dink aan die krisisse wat kom. En 'n mens dink ook daaraan dat dit nie altyd die goeie, die mooie en die regte is wat seëvier in 'n stryd nie . .**

# - WAPADLANGS -

## IS 'N NUWE VLAG NOU NODIG?

**HIERDIE IS NIE die plek om partypolitiek te praat nie maar dit is sekerlik geregverdig om hier 'n hartsogtelike strydkreet aan te hef teen hulle wat my vlag van my wil wegneem. Hartsogtelik, want hoe ruwer hoe rower, hoe fyngevoeliger die beroofde.**

*„. . . Met ons oë gerig op jou,*
*Ons Oranje-blanje-blou!"*

Agt-en-vyftig jaar gelede het die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Veertig jaar gelede het die Unie 'n vlag gekry. Sewe jaar gelede is die Republiek van Suid-Afrika onder daardie vlag uitgeroep. Alle inboorlinge van Suid-Afrika jonger as veertig jaar is onder die vlag gebore en talle het in 'n Wêreldoorlog en in Korea daaronder gesterf, en tans veg die Suid-Afrikaanse Polisie in Rhodesië met die Republiekvlag in die hand.

Voordat die Unievlag in 1928 gehys is, was daar 'n vurige stryd oor hoe dit moes lyk. Die vlag wat wel gehys is, was simbolies van byna driehonderd jaar se geskiedenis van 'n nasie op Suid-Afrikaanse bodem: die Union Jack het vir die eerste keer in 1795 in die Kaap gewapper. Daarna, vanaf 1806 het die Kaapkolonie daaronder gestaan, vanaf 1848 Natal en in 1902 het dit ook die vaandel van die Vrystaat en Transvaal geword. Die Britse vlag was 'n kenmerk van die Suid-Afrikaanse toneel tot in 1957 toe die Unievlag as enigste Suid-Afrikaanse landsvlag verorden is. Dus het die Union Jack 'n integrale deel van ons geskiedenis geword en vanaf 1928 het dit ook in ons eie nasionale vlag ingegroei tot vandag toe. Onaangename herinneringe laat die Union Jack sekerlik nog by die ouer geslag opkom, maar moet mens jou geskiedenis verwerp as dit onaangenaam is? En het die onaangenaamheid van ons geskiedenis onder die Britte ons nie juis sterk gemaak nie?

Weens trou aan die Vrystaatse en Transvaalse Republieke se vlae het duisende van ons voorouers in die Vryheidsoorloë gesneuwel en vroue en kinders het in konsentrasiekampe gesterwe. Ook daardie vlae van ons verlede het integraal deel geword van die Unievlag wat lank reeds ons soewereiniteit bestempel tussen die nasies van die wêreld. Die oranje, wit en blou stroke het die tipies Suid-Afrikaanse waarteken geword van vryheid en eenheid, trou en geloof in wat ons eie is.

*deur Sweepslag*

Ek ken geen ander Suid-Afrikaanse vlag nie, en, behalwe as die vernuwers hul sin kry, sal my kinders ook trou sweer aan die simboliese weerspieëling van ons geskiedenis in die Oranje-blanje-blou!

**En hier is nuus vir hulle, die vernuwers: daar is so iets soos tradisie, en 'n ding soos progressiewe behoud van dierbaarhede uit die verlede, anders sou geskiedskrywing grotendeels waardeloos wees. Bepleit jy die verwydering van ons landsvlag en beskou jy dit as 'n tydelike stuk lap om te gebruik totdat jy iets anders het, soos wanneer jy maar 'n olielap gebruik totdat jy 'n sakdoek kry, versmaai jy jou eie geskiedenis en verloën jy die trou wat jy veertig jaar lank gesweer het.**

Is die simbool van sewe jaar oue republikeinse eenheid dan 'n teken van verborge onenigheid en van 'n heimlike strewe na onvoorwaardelike vernuwing? Ons is wel van Afrika, maar beteken dit dan dat ons ook alles moet UHURU en verkrag wat die eeue aan ons gegee het?

'n Nasionale vlag is die simbool van patriotiese liefde. Wanneer jy as Suid-Afrikaner tussen en teenoor ander nasionaliteite staan, identifiseer jy al die vaderlandsemosies in jou met daardie simbool. Dit is dus 'n belangrike saak, want in ons rasionele tyd, word emosies met simbole uitgedruk — en per slot van rekening is 'n mens 'n emosionele wese. As die emosie boonop vaderlandsliefde is, en jy probeer die ingewortelde simbool van daardie liefde vervang, speel jy met vuur, soek jy na persoonlike verfoeling en saai jy verdeeldheid.

Eindelik moet 'n mens vra of daar werklike, regverdigbare motivering is vir die stryking van die Republiekvlag Nee! Tot die bitter einde, nee. In ons Suid-Afrikaanse politiek is daar voortdurend sprake van „super-Afrikaners" wat afgemaak word as onproduktiewe en stagnante konserwatiste. Hulle is die sogenaamde „gesuiwerdes" en die Vierkleurwaaiers — lewendige stemme wat hol lawaai uit die stoere verlede maak. Is dit nie hulle, wat die „uitwaarts" inwaarts wil keer, van wie die eerste geblaas oor 'n nuwe vlag gekom het nie? En nou sê die „volk se stem" ook skielik „weg met die Union Jack". Hulle gil om iets nuuts, tipies van die „hede", daardie tydsgewrig wat „niks met die verlede te doen het nie". Is dit nie 'n pragtige politieke hoogtepunt nie: die stoeres en die kontemporêres vind mekaar oor 'n nuwe vlag — die een verfoei die huidige Britse politiek, die ander die verlede. 'n Gebalanseerde nasie het gebalanseerde politiek nodig wat gevoer word onder 'n vaandel wat daargestel is op 'n gebalanseerde wyse. Tans is daar net een so 'n vlag in Suid-Afrika — die Republiekvlag.

Ek salueer die enigste Suid-Afrikaanse nasionale vlag:

*„Hoog die hart, hoog die vlag,*
*Hoog Oranje-blanje-blou".*

**J. A. VAN DER WALT & KIE**
(EDMS.) BPK.
(Direkteure: J. A. van der Walt, P. G. van der Walt).

*Boekhouers, Sekretarisse, Assuransie- en Belasting-adviseurs en Algemene Agente.*

Vir puik gehalte tikwerk, afrolwerk en fotostatiese afdrukke van belangrike dokumente.

TELEFOON: Kantoor 5796, Woning 7326, Posbus 913, Stadsentrum 118.



„Jy kom van die Laeveld, appelkissie, om hier op die Hoëveld as doodkis te dien" . . . en die manne wat hier so gebuk gaan onder die „oorskot" van 1968 se winter, is (voor) Dries Burger en Hennie de Villiers en (agter) Japie Venter en Dries van der Walt. Die foto is geneem op die lentefees.
— foto: Gert Kruger.

# Hallo Daar!

**Aristoteles, Rousseau en nog ander filodiotiese snare — eersgenoemde twee was kamermaats in Burgersdorp voordat die Puk verskuif het, vir die wat nie weet nie — het geglo dat die mens homself slegs as deel van 'n samelewing na behore kan uitleef.**

Nou is daar nog 'n paar belangrike mense (ek en andere) wat die mening huldig en is daar nou 'n paar vierkante duim teelaarde vir die ontwikkeling van ons sosiale bedrywighede in Die Wapad afgestaan. By al die uitwaartse bedrywighede wat deesdae op ons kampus bedryf word, soos opruiende virusse, ouderwetse modes en die nadors van nog 'n akademiese jaar, neem die vondeling sy plek op eerbiedwaardige wyse in.

**SPIEËLBEELD**

Hierin gaan ons die sosiale struktuur van die Puk ooplê, ophemel, afbreek, laat bewe, analiseer, ontmasker, opvoed, indoktrineer, die studentenuuskierigheid bevredig, ego's streel, verwaandhede platslaan, en spieëlbeeld wees van alles wat ons is en nie is nie. Hier sal inderdaad genoeg plek wees vir sowel die snobberige lae oog of hoë wenkbroue as die doodgoeies en goeddooies.

Ons gaan voorstelle maak — aandpakke vir aandstudente, registrasie-fooie vir slepers — en ander minder oorspronklike en lekkerder voorstelle. Ons gaan venynig wees — hier knyp, daar vat en ook liefdevol hier knyp en daar vat . . . ! Hierdie dinge word gedoen en gaan gedoen word en, ek herhaal: ter bevordering van die algemene etiese, sedelike en belangriker nog, utopiese lewenswyse van die alledaagse klinknael slungel met sy vyf stoppelbaard, leepoë, vyf kamme, deurmekaar boskasie, pakkie Lucky's of 'n pak Fox, Ou Testamentiese sandale en sy ewe skewe geminirokte, lipstifeerde, agterbakse, giggelende en moroniese heldunnetjie, wat in die volksmond as studente bekend staan.

**SUPERSOSIALES**

Ons gaan in hierdie rubriek saam-saam ontwikkel tot supermense, super-sosiales en super-Pukke. Nou sal daar uiteindelik in ons koerant ook 'n plekkie wees wat die skinderbekke nog altyd gelus het en die pessimiste nog altyd verpes het.

Ons het gekom om te bly en die onuitputlike bron sal gevoed word deur 'n boosaardige sel van verslaggewers, sieketroosters. Van nou af fotograwe, kwaadstokers en gaan geen sleep meer die privaatheid van die sleper of sy sleepsel wees nie. Vanaf die Spykerbank-kantate gaan dit voortaan fortissimo „geknyp" word tot wêreldwye algemene kennis van al die belanghebbendes en belangeloses.

Die Wapad se nuwe sosiale beleid wil dus ook 'n forum probeer wees vir almal wat soet woordjies wil soen of bitterbrood wil braak. Ons leen graag 'n oorsensitiewe oor uit aan alle griewe, gromme, voorstelle, sportiewe kritiek en ander dinge van die hart

Met so 'n getuigskrif in die binnesak wil ons dus sê: aangename kennis en aan ons lesers — sterkte!

Sosiale Redaksie.

KRUGERDAG

10 Oktober 1968

GEDENKGELEENTHEID

Bailliepark Begraafplaas

Potchefstroom
10.00 vm.

# SPYKERBANKIEKANTATE

## deur Drukspyker

**HIEP, HIEP, HOERA . . . ! Die luide aankondiging is vir die hysing van die nuwe vlag (reeds goedgekeur deur die President van die Republiek, ag verskoon tog, die Rubriek Spykerbank-kantate, sy edele Drukspyker), en die stryking van ons geërde en geliefde voorganger Verlief, Verloof, Verlore . . . , wat besluit het dat hy by die verlorenes veiliger sal wees.**

Die Hertogdom van Heimat het nou wakker geskrik, hulle sit-ins gestaak en oorkant die draad of straat gaan kuier. Met die winterslaap uit die oë gevee het hulle die groen gras by Pote (dames) raakgesien. Die eerste intertee was die gevolg van 'n oor-en-weer gekysery.

Douw Kruger het baie gou gesien dat baartjie Leona Doman op sprankelende wyse ook dalk weer kleur in sy saaie bestaan kan bring. Louisa Bezuidenhout vertel dat sy baie van die Paul Kruger-baardjie hou maar . . die man daarin, die ene Hennie de Villiers hou die pit.

Tinus van Rooy kla glo gereeld oor struikelblokke wat in sy weg staan na die grootste roem — Springboklandloper . . . maar ai, nou het hy sowaar al weer gestruikel en dit oor die skone Ena van Tonder. Wel, sy sal maar die wonde moet verbind Albert van der Linde en Ria Verster het ook tot die gevolgtrekking gekom dat twee koppe beter is as een waar dit by die dierkunde prakties kom.

Ai, wat 'n seën is die moderne massamedia tog nie . . dit is 'n dankbare sug wat altyd in die omgewing van Judith van der Merwe en Casper Schmidt hoorbaar is . . . want hoe hulle twee bloedjies dan die afstand tussen Potchefstroom en Pretoria kon inkrimp.?

Ben . . Gratis . . ?du Toit was Retha Coetzee se vry kaartjie vir die Alabama-opvoerings . . . maar noudat die Alabama weer verkas het . . geld die kaartjie nog? Johan van Rooyen is baie lief om met foto's en negatiewe te spekuleer maar Nannie Ackerman is tog nie 'n negatief nie . . is dit dalk die oorsaak vir sy positiewe instelling?

Die ere-president van die nog-nie-gestigte Non-slepersklub, ou meneer Gert Kruger sê van al sy slagoffers tot dusver bly Erica van der Walt steeds die geniepstigste vlam . . ek hoop sy vlerke sal enduit hou, anders sit ons met minus 'n ere-president volgende jaar!

**BOBBEJAAN**

Op een goeie dag het 'n sekere man sy lyf bobbejaan gehou en die berg uitgeklouter na sy einddoel — ja, sy was nie in die hele wye wêreld nie maar net daarbo waar hy Retha le Roux ontdek het.

Praat van Johan Hoogendijk en ek dink dadelik aan voorsitter . . toemaar, al verstaan die res nie, ek en hy weet waarvan ons praat, al wat ek julle kan vertel is dat hy ook die voorsitter is waar dit by die hart van Elsabe van Wyk kom

Die ou spreekwoord van 'n oog vir 'n tier en 'n tier vir 'n oog, die twee saam gee: tieroog, en dit is presies waarmee Amalia du Plessis aan haar vinger spog, die vinger is nou die trotse besit van Jan van Louis Trichardt vir wie die aantrekkingskrag van die Puk te veel geword het en nou sal ons hom volgende jaar in lewende lywe in ons midde hê.

Ja, glo dit of nie, maar stryery en verskille in klasse kan ook kyse laat ontstaan — ek weet nou nie of dit dalk die begin van groter probleme te weeg kan bring nie, maar ek dink Henry Murphy en Du Preez Martins sal seker die stelling kan verweer. Ek hoop hy sing oor so 'n paar maande weer dieselfde deuntjie, die een waarvan ek so baie hou!

Ai, dan is daar 'n ou wat baie hard probeer, ek wonder of iemand nie vir Ettiene Bruwer van hulp kan wees of vir die man van raad kan bedien oor hoe om die meisie te kry. Ek het nou die dag so 'n kykie in die arme man se poging gehad, maar ai, dit wou net nie slaag nie . . gee asseblief raad!

Wie ooit sou kon sê dat die Regte ouens nie met die B.A. sal meng nie, let wel daarop: dat jy juis dan die regte formule sal bekom, onoplosbaar is in alle vloeistowwe, en dit sal Joggie de Beer en Hettie Steenkamp sekerlik beaam.

**MONDIGWORDING**

Ja, en dan het ek hier, Manda de Beer (nie familie van Joggie nie) en haar Spiesie se kys wat ookal geskiedenis geword of gemaak het. Lourens du Plessis en Wina Steyn se kys is ook vinnig op pad na mondigwording — ek hoop ons sal 'n uitnodiging kry — ek meen, waar daar vrolikheid is — daar wil ons ook wees.

En nou dat ek so versigtig by die Dorp 'n draai maak, sal Andries Coetsee en Judy du Plessis my sekerlik kwalik neem en dit wil ek verhoed omdat . .

Die Klawer van Klawerhof is blykbaar die enigste steun wat Hennie Coetzee in sy nietige lewe het, die dame met die breë skouer is net Louise Adendorf. Ai, die Johan Schutte darem . . . hy was amper hierdie week rasend van eensaamheid, ek dink die arme mens het baie gewig verloor . . daar was nie liefde nie en die water was glo nie koud genoeg nie . . . hy het verkies dat sy voete warm bly en dat sy koel moes wees . . sy nuutgevonde Elsa Myburgh los hom sowaar hier alleen sodat sy haar afspraak van voor hul kys kon nakom.

OOeee . . . ! Ek sien deesdae net sterre en „Sterns" wanneer ek my koggelmander oë so ronddraai . . hierdie week is daar weer twee . . . ?Charlotte Basson het besluit dat sy die blink oog aan haar vinger wil hê voor die eksamen want sê nou daar gebeur dalk iets in die eksamen? Haar hartjie klop

Praat van glinster . . niks kan Linda Fischer se ogies oortref nie, nee, die speeldingetjie of ringetjie wat sy van Tok geërf het, lyk sommer dof. Ek dink hy behoort trots te voel op die glinstering, want is dit nie hy wat die oorsaak daarvan is nie?

Na die heerlike kuier is dit nou julle seer geagte Drukspyker wat julle sterkte en beterskap toewens . . . en net die een woord aan die manne, onthou . . die see is vol visse . . . maar wie vry nou met 'n vis?

bresco
diamante
diamonts

TOEKOMSTIGE VERLOOFDES
U BESPAAR 40-50% OP KLEINHANDELPRYS
Diamante vir verloofringe direk van die slypers is verkrygbaar by BRESCO teen groothndelpryse.
Kom kies u diamant voordat ons dit vir u in 'n ring volgens u eie smaak monteer. Die waardasiesertifikaat wat ons verskaf is u waarborg dat u altyd trots sal wees op die diamant van u keuse.
KERKSTRAAT, LIBRIGEBOU 31
(Langs Van Schaik's se Boekhandel)
TELEFOON 2-7117, PRETORIA



# Ludi Species

Ons sport staan nou na die afgelope gebeure op internasionale erf op die randjie van 'n afgrond en diegene wat daarmee gemoeid is, sal baie versigtig moet optree. Die dag as die buitewêreld vir ons sportmanne gesluit gaan word, gaan Suid-Afrika se apartheidsbeleid 'n groot knou kry. Geen land kan in isolasie leef nie, en veral by Suid-Afrikaners, wat een van die grootste sportnasies van die wêreld is, gaan dit verreikende gevolge hê. As 'n mens daaroor sou bespiegel, sien jy in die toekoms al die groot sportmanne die land verlaat om in ander lande hul sport te gaan beoefen — ons hou duimvas dat soiets nooit gebeur nie!

Hoe lyk dit met 'n voorstel aan die Meksikaanse Olimpiese Komitee dat hulle die naam van vanjaar se Olimpiese Spele verander na die Studentespele (geïntegreerd en reg van opstande opbou)? Miskien moet ons bly wees dat ons atlete nie daar gaan wees nie!

**TUISFRONT**

As ons nou na die tuisfront kyk, kyk ons na my mening terug op 'n skraal sportjaar, met die uitsondering van atletiek, waar die Puk vyf Springbokke en nog talle ander blink vertonings gelewer het. Baie van hul sukses kan ook moontlik te danke wees aan die feit dat hulle 'n uitstekende afrigter in die persoon van mnr. Jan Barnard het.

*deur Venator*

Wat rugby betref — iewers was daar vanjaar iets verkeerd. As dit die dag nie meer 'n eer is om vir die eerste drie spanne van die Puk te speel nie, is daar regtig 'n skroef los. Dit was selfs so erg dat daar met swakker spelers in die koshuisliga gespot en gesê is: „Jy moet oppas, jy gaan nog afgeskuif word eerstespan toe!"

Een geluk is egter dat die koshuisspanne 'n uitstekende gees openbaar het. Ons hoop dat dit sal deurwerk na die hoër spanne en dat, danksy 'n goeie grondslag, daar miskien weer eendag 'n Pukspan sal wees met die lus om te speel soos studente behoort te speel.
hoop dat dit sal deurwerk na

Soiets kan slegs bereik word as ons besef dat ons Alma Mater se belange voor die koshuisbelange kom. Een van my voorgangers het eendag die gedagte van 'n aparte trui vir die eerstespan genoem — miskien kan daar vrugbare aandag aan geskenk word.

Wat sport in die algemeen betref, dink ek alle sportsoorte sal daarby baat as die Sportdirekteur sy dienste eweredig aan alle sportsoorte wy en nie meer as rugby-afrigter mag optree nie. Hoewel die rugbyklub hom sal mis, dink ek dit sal tot gevolg hê dat die storie van afgeskeepte sportsoorte baie minder gehoor sal word.

Dit is natuurlik ook so dat 'n mens met die beste organisasie niks sal uitrig as jy nie die speler se medewerking het nie. Daarom moet ons eers die hand in eie bosem steek en dan vinger na ander wys.

# DORPSTUDENTE WEN RAU IN MOOI RUGBYWEDSTRYD

**Die dorpstudente van die Puk het in hul tweede kragmeting teen R.A.U. op 27 September met eer uit die stryd getree en hulle 28—6 geklop.**

Die wedstryd is gekenmerk deur skoon spel aan albei kante. In die begin was Dorp geneig om te veel te skop maar toe hulle later begin hardloop, het Frik Swart en Wesley Weeks paaie deur R.A.U. se aanvanklik goeie verdediging gemaak.

Dorp se oorwinning kan aan hul voorspelers toegeskryf word Alhoewel Piet Brand in die begin maar stil was het hy later deeglik gewys wat in hom steek. Henk Coetzee het ook goed vertoon hoewel sy aangee nie altyd suiwer was nie. Poen Coetzee het hom baie goed ondersteun.

Die wedstryd het bewys dat dit dorpstudente oor 'n aantal spelers beskik wat volgende jaar uithalerspel vir die Puk kan lewer, soos Boel Kruger, Christo van der Walt, Boeboe Venter, Wesley Weeks, Frik Swart, Gawie Yssel en Henk Coetzee.

R.A.U. se span was baie lig (hulle het van heelwat O/20-spelers gebruik gemaak) maar hulle was baie gewillig en goeie vertonings kan verwag word van hulle in die toekoms

R.A.U. se punte het gekom deur drieë deur Le Roux en Smith, waarvan een vervyf is deur Quass. Dorp se punte is aangeteken deur Albertyn ('n drie), Weeks (2 drieë) en 'n drie elk deur Frik Swart, Eugene kruger en Christo van der Walt. John Roos het vier vervyfskoppe oorgestuur.


J. HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk
Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319




**Piet Brand, aan wie die Tim van der Merwe-beker vir die sportman van die jaar in Wes-Transvaal vanjaar toegeken is. Hy is ook ingesluit in die C-span wat sal deelneem aan die proefwedstryde wat Saterdag op Wellington beslis word.**
**By hom is mnr. Piet Bosman, voorsitter van die Wes-Transvaalse Rugby-unie.**
**— foto: Fotokuns.**


BOUQUET
BLOEMISTE.
STADSENTRUM.
Tel. 6575.


# *P.U.-KRIEKETSPAN KLOP BLOEMFONTEIN*

**Die P.U.-krieketspan het verlede Saterdag op die Bill Swart-Ovaal maklik afgereken met die sterk span van U.O.V.S. en met drie paaltjies gewen.**

Die Kovsies het die loot gewen en eerste gaan kolf. Hul aanvangskolwers, Shand en Herbst het aanvanklik goed gekolf maar Shand moes terugstap met sy telling op agt lopies toe hy vanaf die boulwerk van Gerrit Posthumus 'n vangkans gebied het en skitterend deur Gavin Webster in die glippe uitgevang is.

Aan die kant van U.O.V.S. was dit veral Herbst (20), Piet Strydom (36) en Steve Strydom (44) wat goed gevaar het met die kolf.

Danksy goeie veldwerk deur veral Div. du Tolt en L. Geyser, en puik boulwerk deur die Pukke, moes die Kovsies volstaan met net 156 — almal uit.

Hier kan die naam van veral Anton Welman genoem word. Hy het deurgaans pragtig geboul en drie penne neergetrek. Die ander penne is ingeoes deur J. Posthumus (2) en André Laas (1).

Kort voor middagete het Frans Nel en Jan Kruger die Pukke se beurt geopen. Kort daarna is Frans Nel uit vir ses lopies na 'n bal van Corrie Strydom. Jan Kruger het egter vasgebyt en is uiteindelik, met sy telling op 54, been voor paaltjie betrap deur Burger. Ook Anton Welman het die mooi telling van 58 behaal toe hy deur paaltjiewagter Piet Strydom gestonk is vanaf die boulwerk van Burger.

Met nog drie penne staande, het die Pukke darin geslaag om U.O.V.S. se telling verby te steek en die wedstryd in te palm. Vir die Kovsies het Corrie Strydom vier paaltjies ingeoes, Burger twee en S. Strydom een.


PARADISE
RESTAURANT
Dié kafee op Die Bult ...
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474



na aksie-
satisfaksie




vol-ja smaakvol

### Atletiek

# GROOT PLANNE VIR VOLGENDE JAAR

## SPORTMANNE MOET VAKANSIE OEFEN

**In 'n onderhoud met die Sportdirekteur, mnr. Piet Malan, het hy gesê aangesien Noord- en Suid-Transvaal reeds op Saterdag 5 Oktober liga-atletiekbyeenkomste gehad het en dus nie die byeenkoms op die Bill Swart Ovaal kon bywoon nie, daar nou gepoog word om al die beste atlete van die Rand en Noor-Transvaal op 16 Oktober op die Ovaal byeen te bring. Aangesien die byeenkoms in die aand gaan plaasvind, word goeie tye verwag, veral van die lang- en middelafstanatlete.**

Op 19 Oktober wod ook 'n goot atletiekbyeenkoms op Bethlehem gehou, waaheen die Pukspan ook gaan. Verlede jaar het die P.U.-atletiekklub die Susan van Zyl-trofee vir die beste klubspan gebuit. Volgens mnr. Malan het die Puk vanjaar nog 'n beter span en kan hulle weer hul teenstanders die spykers wys.

Op 6 en 7 Desember word die inter-universitêre atletiekkampioenskappe in Pretoria gehou en gelyktydig daarmee vind ook die inter-universitêre tennis- en kriekettoernoole in Bloemfontein plaas.

Mnr. Malan het 'n beroep op alle atlete en sportmanne gedoen om die vakansie te oefen en fiks te bly, aangesien daar volgende jaar sommer met die intrapslag groot byeenkomste en wedstryde beoog word .

**PROGRAM**

Die voorlopige program vir atletiek vir die begin van 1969 lyk so:—

8 Februarie: eerstejaars-atletiekbyeenkoms.

15 Februarie: eerstejaars- tennis- en krieketproefwedstryde.

22 Februarie: Wes-Transvaalse interklub-atletiek op Strathvaal met inwyding van hul nuwe atletiekbaan.

26 Februarie: inter-provinsiale atletiek op Bill Swart Ovaal — Wes- Noord- en Suid-Trfansvaal sal deelneem.

1 Maart: P.U.-atletiekkampioenskappe op Bill Swart Ovaal.

5 en 12 Maart: Liga-atletiek.

15 Maart: Wes-Transvaalse junior atletiekkampioenskappe.

22 Maart: Wes-Transvaalse senior atletiekkampioenskappe.

26 Maart: Eeufeesrugby, onder meer Oudstudente teen Kwaggas.

29 Maart: P.U.-gedenk-atletiekbyeenkoms.

Mnr. Malan het gesê dat die vol program ook sal dien as goeie voorbereiding vir die atletiekspan wat die Puk in Julie oorsee wil stuur.

Volgende jaar doen die eerstejaars nie meer soggens liggaamsoefeninge nie, maar wel in die middae van 4.00 nm.

Volgens mnr. Malan bied dit die koshuise 'n gulde geleentheid om die eerstejaars self soggens op 'n koshuisbasis „liggaamlik op te voed". Hy het die hoo puitgepreek dat daar volgende jaar 'n groter algemene belangstelling in spot sal wees.

**Alle sportsoorte behoort volgende jaar 'n oplewing te toon en 'n beroep is gedoen op alle sportmense om die vakansie te gebruik om te oefen.**



Mej Bea Marais, wat namens Klawerhof die George Booyens-trofee ontvang vir die koshuis wat oor die algemeen die beste in die koshuisliga-sport gevaar het.

— foto: Fotokuns.

# Rekord vir Cecile Malan

**Die pragpoging van Cecile Malan om Anna Fick se agtjarige Wes-Transvaalse rekord in die werpskyf met 10 duim tot 152 vt. 9 dm. te verbeter, was die beste vertoning van die atletiekbyeenkoms wat Saterdag 5 Oktober op die Bill Swart Ovaal in Potchefstroom gehou is.**

Hoewel die byeenkoms nie heeltemal aan die verwagtings voldoen het nie, is daar tog 'n paar goeie vertonings gelewer.

Willie Olivier het uitgeblink met 'n tyd van 8 min. 24 sek. in die 3000 meter. Die vertoning is des te meer merkwaardig as in ag geneem word dat hy sonder veel teenstand gehardloop het.

Dawid Booysen het bewys dat sy Suid-Afrikaanse rekord van 61 voet 7¾duim in die gewigstoot nie blote geluk was nie, toe hy, met dybesering en al, die sestig voet-merk weer eens verbygestoot het om 'n afstand van 60 voet 6¾ duim te behaal. Hy het ook die werpskyf met 'n afstand van 163 voet 7¾ duim gewen.

Ander Pukke wat uitgeblink het, was Willie van der Westhuizen (100 meter — 10.7 sek.; 200 meter — 21.6 sek.), Fanie van Zijl (800 meter — 1:59.6; 1500 meter — 4:5.1) en Bea Marais (400 meter — 1:1.1).

'n Baie goeie vertoning is deur A Westermann, 'n junior, gelewer toe hy die 1500 meter vir juniors gewen het in die goeie tyd van 4 min. 7.1 sek. Daar kan nog baie van hierdie atleet verwag word.

## Van Zyl haal wêreldlys

Fanie van Zijl is die enigste Puk wat vanjaar die wêreld-atletiekranglys kon haal. Volgens die Augustus-uitgawe van die tydskrif World Sports verskyn sy naam 23ste op die lys van beste vertonings in die myl gedurende 1968.

Ander Suid-Afrikaners wat in die lys ingesluit is, is Paul Nash (eerste en vierde in die 100 en 200 meter onderskeidelik), De Villiers Lamprecht (sewende in die myl), Susan du Plessis (sewende in die hoogspring vir dames), Teresa van Rensburg (agste in die 100 meter vir dames), Sakkie van Zyl (negende in die 200 meter), John van Reenen (veertiende in werpskyf) en Annatjie Botha (veertiende in die 400 meter vir dames).

## Versterking vir tennisklub

Die inskrywings van Heloise van die O.V.S., Johan Malan, junior tenniskampioene Burger, junior kampioen van Wes-Transvaal en 'n aantal ander belowende jong spelers by die Puk, behoort die tennisklub volgende jaar aansienlik te versterk. Beide mej. Burger en Johan Malan het reeds te kenne gegee dat hulle beslis Puk to kom.

Die Puk sal moontlik volgende jaar oor die sterkste tennisspan ooit beskik, aangesien gevestigde spelers soos Christo van der Walt, Piet Mitchell, Nico Bothaz, Pieter de Villiers, Alethea van Loggerenberg, Rheta Smith en ander volgende jaar nog vir die Puk beskikbaar sal wees.

**BANE**

Benewens al die nie-lede wat ook nog van die bane gebruik maak, het die tennisklub vanjaar oor meer as 'n honderd lede beskik. In die lig hiervan is die sewe bane waaroor die Puk tans beskik, heeltemal ontoereikend.

Met nog slegs 'n paar wedstryde oor, is die Puk se eerstespan nog onoorwonne en die kanse is goed dat hulle vanjaar die eerste liga kan buit. 'n Leemte wat egter sterk aangevoel word, is die gebrek aan 'n voltydse afrigter. Alleen as die Puk oor 'n bekwame afrigter beskik, sal met die groter universiteite gekompeteer kan word.

# UITSLAE

**Die uitslae van die krieketligawedstryde wat Saterdag 5 Oktober gespeel is, is soos volg:**

**P.U vs STILFONTEIN.**

**Eerste span:**

Stilfontein: 174 vir 9 (verklaar): (L. Metzer 33, J. Coetzee 4/56). P.U.: 73 vir 4 (F. Nel 25, J Kruger 24, J. Levy 3/21).

**Tweede span**

Stilfontein :97 (J. der Kinderen 5/5 insluitende drie-kuns, A. de Bruin 3/38)

P.U.: 201 vir 7 (A. de Bruin 71, F. Loots 31, Strydom 4/59).

## TELKAART

| | G | W | V | G | P |
|---|---|---|---|---|---|
| Kompleks | 4 | 3 | 0 | 1 | 17 |
| Thaba Jah | 4 | 3 | 0 | 1 | 17 |
| Dawie Dup | 4 | 2 | 2 | 0 | 10 |
| Dorp | 4 | 2 | 2 | 0 | 10 |
| Over de Voor | 4 | 1 | 3 | 0 | 5 |
| Personeel | 4 | 0 | 4 | 0 | 0 |

**Die Wapad word gedruk deur Enslins die Drukkers, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O.**

*„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."*

Turkstra

**te kry by u kafeteria.**

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

**Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*bied u die geleentheid van die jaar.*

Fantastiese afslag op:

★ STUDIEBOEKE

★ BOEKE VIR ONTSPANNING

50% vir verkope op rekening

PLUS

'n verdere 10% vir Kontant.

Tomstraat, Telefoon 3421,

POTCHEFSTROOM.